





K.G.-Vergadering In Johannesburg Belet

Na aanleiding van die feit dat die Stadsraad van Johannesburg geweier het om die Stadsaal aan die O.B. te verhuur vir 'n werkersvergadering wat dr. Hans van Rensburg op 30 April daar sou toesprek, verklaar die K.G. dat die rede vir die weiering geleë is in die stadsraad se begeerte om die kommunistiese elemente en die Springbok-Legioen te beskerm teen die gevolge van hul eie grootbekopruier. In die toekoms, sê die K.G., sal die O.B. nog baie geleenthede hê om vergaderings te hou en dan sal hierdie elemente nie weer geleentheid hê om agter die stadsraad te skuil nie.

Voorts sê die K.G. dat die O.B. vir die vierde agtereenvolgende keer 'n werkersvergadering op 1 Mei in Johannesburg wou hou. By die vorige drie geleenthede het alles ordelik verloop en is geen stoornis verwek nie. Maar hierdie keer is die O.B. gedreig deur kommunistiese elemente en die Springbok-Legioen. Die stadsraad van

Johannesburg, wat die Stadsaal reeds aan die O.B. toegesê het, het dit teruggeroep.

DIE STADSAAL IS GEKANSELLEER, MAAR NIE DIE VERGADERING NIE. DIT SAL GEHOU WORD! OOR 'N PAAR DAE SAL PLEK EN DATUM BEKEND GEMAAK WORD.

Kommunistiese Vermetelheid

Op 1 Mei beskou die Kommuniste dat alle strate, sale, pleine en ander publieke plekke in die industriestede aan hulle behoort. Ook in Johannesburg.

Verlede jaar het hulle in massa-optogte van naturelle gemarsjeer en opruiende toesprake gehou en bloeddorstige besluite in die openbaar onder akklamasie geneem. Onder andere dat hulle „Van Rensburg en sy generaals“, net soos Mussolini en die ander geskende lyke aan die lamp-pale van Johannesburg wil laat hang.

Die Ossewabrandwag, as 'n strydbeweging van die Afrikaner en ook van die Afrikanerwerker, het gevoel dat dit vuigheid is om aan hierdie volksvyandige elemente die gedagte te gee dat alles aan hulle behoort — selfs die reg om dood en lykskending te verkondig en te dreig.

So het die Ossewabrandwag al vier jaar lank op 1 Mei sy eie vergaderings op die Rand gehou. Verlede jaar was dit op die vooraand van 1 Mei in die Stadsaal. Vanjaar was dit weer die reëling. Die Kommuniste en die Springbok-Legioen, met sy Joodse aanvoerdere, het hemel en aarde beweeg om die vergadering te belet. Hulle het by die stadsraad en by die Minister van Binnelandse Sake gelê.

As hulle nie hul sin kry nie, het hulle gedreig — en hulle het geen geheim daarvan gemaak nie — gaan hulle die vergadering met geweld verongeluk.

Die Ossewabrandwag het nog nooit 'n vergadering van sy teenstanders verongeluk of selfs probeer verongeluk nie. Dit laat hy oor aan die „demokratiese“ elemente, wat die heel dag te koop loop met die reg van vrye spraak.

Maar as 'n Kommuniste bedoel meen dat hierdie korrekte houding van die Ossewabrandwag beteken dat hy 'n toelaat dat enige skorrie oor die O.B.-vergadering kom, dan het die hande van Moskou nog baie om te keer.

Diplomatieke Ontkennings?

Vir die afgelope twee weke was die dagbladders vol van bewerings dat daar 'n krisis in die Arbeidersparty bestaan as gevolg van die Indiër-wetgewing. Die bewerings is met soveel stelligheid gedoen dat daar by elke leser geen twyfel kon bestaan het van die waarheid van hierdie berigte nie.

Die Arbeidersparty het dit egter as blote gerugte verwerp. Op Woensdag, 10 April, het die party 'n verklaring aan die pers oorhandig waarin verklaar word „dat die gerugte as sou daar tweespalt in die Arbeiderskous wees, sonder enige grond is.“

Dit was algemeen bekend dat die Verenigde Party-koukus skerp verdeeld was oor die Indiërmaatreël. In die parlement het genl. Smuts dit egter ontken deur onder gelag te verklaar dat die „gerug“ „slegs gebaseer was op wandelgangpraatjies.“

Op 3 April het die O.B. 'n berig geplaas dat daar in die H.N.P.-koukus met groot meerderheid gestem is vir samewerking met die Ossewabrandwag, maar dat die partyleiding geen gevolg daaraan wil gee nie. Hierdie berig is deur die H.N.P.-leiding in die pers ontken as synde 'n blote „gerug“.

In die partypolitiek is daar ook so iets soos „diplomatieke ontkenning“.

H.N.P.-Koukus Dalk Voor Krisis oor Samewerking

Die beweging in die H.N.P. tot samewerking met die Ossewabrandwag word van dag tot dag steeds sterker. Die O.B. beskik oor inligting wat daarop dui dat daar binne die eersvolgende paar weke 'n stryd in die party-koukus kan ontbrand oor hierdie vraagstuk.

Die drang na eenheid het reeds dermate ontwikkel dat 'n kloof in die leierskring van die party ontstaan het tussen die besadigde elemente, wat op die oomblik die talrykste is, en diegene wat van geen samewerking wil weet nie, en wat die meeste van die gesagdraers in die party insluit. Na verklaar word, val die lyn tussen die twee groepe hoofsaaklik saam met die onderskeid tussen deeltydse en voltydse parlementslede. Diegene wat vir hulle bestaan onafhanklik is van die parlement, en dus beter in staat is om gesond oor volksbelange te dink, is oor die algemeen voorstanders vir samewerking. Hulle erken openlik dat daar vir ons volk geen hoop op oorwinning bestaan solank die Ossewabrandwag beveg word nie.

TUSSENVERKIESINGS

Die uitslae van die vier tussenverkiesings die afgelope weke — twee stedelike en twee plattelandse — waarin genl. Smuts met groot meerderhede gewen het, het hulle

nog meer oortuig van die noodlottigheid om 'n sterk nasionale organisasie op die ashoop te probeer gooi terwille van 'n klomp toevallige drywende stemme.

Hulle word venynig teëgestaan deur die beroepspolitici wat van die parlementêre lewe 'n voltydse bestaan gemaak het. Dit is dan ook veral uit hierdie groep wat die partybestuur en die skaduweekabinet saamgestel is. Die name wat veral genoem word is dié van mnr. Paul Sauer, Eric Louw, Swart, Erasmus en J. G. Strydom. Op die oomblik is dr. Malan geneig om meer waarde aan hulle te heg as aan die meerderheidsgroep, hoewel hy glo diep onder die indruk verkeer van laasgenoemde se standpunt.

NOG HIERDIE SITTING

Sporadiese pleidooie in die koukus vir samewerking deur enkele lede, wat kort gelede nog as waaghalsig beskou is, het nou saamgevloei tot 'n beweging, na verneem word, en dit

wil lyk of dit tot 'n strydpunt gaan ontwikkel voor die verdagting van die parlement.

Gepaard met hierdie drang na eenheid is daar die erkenning dat die parlementêre stelsel misluk het, en dat dit niks anders as 'n klug geword het nie. Veral diegene wat 'n eerlike stryd teen genl. Smuts se Indiërmaatreël aangebind het, het diep onder die indruk van die noodlottigheid van parlementêre party-verdeelheid gekom. Hulle oë het opnuut oopgegaan vir die feit dat daar 'n kunstmatige verdeeldheid gehandhaaf word wat Afrikaners wat eners oor vraagstukke voel, van mekaar skei en dwing om teen mekaar te stem. Hulle voel dat dit dus belaglik is om die Ossewabrandwag, bestaande uit honderd persent goeie Afrikaners, te beveg juis omdat hy die partystelsel veroordeel.

In die lig van die jongste gebeurtenisse in die parlement en met die oog op die moontlikheid van 'n verkiesing nog voor 1948, wil dit lyk of die vraagstuk van samewerking tot 'n krisis gedryf gaan word in die volgende paar weke, tensy die beroepspolitici in die partyleiding daarin slaag om die saak op die lange baan geskuif te kry deur middel van een of ander set. Dit is egter baie onwaarskynlik.

Brit oor Russiese Druk In Iran

„Nadat ek alle politieke elemente in Iran, van die Sjah tot die leiers van die pro-Russiese Indeh-party gesprek het, lyk dit vir my duidelik dat die Russe min of meer alles wat hulle wou gehad het, bereik het“, het Michael Foot, Arbeider-L.V., en lid van die Britse parlementêre sending na Iran, in 'n onderhoud verklaar, berig Sapa-United Press.

„Ek meen dat die Verenigde Volke die volle handhawing van Iraniese onafhanklikheid alleen kan verseker deur 'n kommissie te stuur om ondersoek in te stel na die algehele

terugtrekking van Russiese troepe uit Azerbaïjan of deur in die aanstaande verkiesing hand by te sit,“ het hy voorts verklaar.

Michael Foot meen dat

● Die Iraniese regering onder Russiese druk handel het toe hy sy aanklag teen Rusland by die Veiligheidsraad teruggetrek het.

● Die Russe 'n oorheersende invloed in Azerbaïjan sal bly behou, selfs al trek hul hul troepe terug.

● Die Russe besig is om die Iraniese parlementêre verkiesings van Augustus en September in hulle guns te beïnvloed.


● Die Russe 'n bedreiging vir Brittanje en Amerika in die Midde-Ooste sal wees as hulle in laasgenoemde poging slaag.

RUSSE MAAK WAT HULLE WIL

Sapa-United Press berig dat die Moskou omroep verklaar het dat geen belangrike vraagstuk aangaande die na-oorlogse organisasie van die wêreld besliss kan word „SONDER RUSLAND OF TEEN SY SIN NIE.“

Die omroeper het erken dat Rusland streef na die skepping van 'n ekonomiese en politieke blok van lande onder leierskap van Rusland wat van Finland tot in die Balkan sal strek.

Waar O.B. Laertrek



Sierlikheid en orde is kenmerk van O.B.-byeenkomste. Bostaande is 'n toneeltjie gedurende die O.B.-kamp van Studentenby Stellenbosch.

Regering Besorgd Oor Rigting In H.P.-Koukus

Na verneem word heers daar diep besorgdheid in die leierskorps van die Verenigde Party oor die berigte, wat nou oral uitbars, dat daar 'n beweging vir samewerking met die Ossewabrandwag in die H.N.P.-koukus is.

Sedert die uitbreek van die oorlog was dit genl. Smuts se taktiek om sy teenstanders teen mekaar af te speel en so in die kussings te bly — al kans wat daar vir hom was. Die onlangse tussenverkiesings, sef hy en sy indoeenas, het hulle gewen omdat die opposisie verdeeld is en duisende kiesers gevolglik belangstelling verloor het. Die Verenigde Party-lei-

ding koester dus groot vrees vir 'n moontlike versoening tussen die twee groot nasionale groepe, die Ossewabrandwag en die H.N.P. Hulle besef dat so iets nuwe geesdrif dwarsdeur die nasionale Afrikanerdom sal stuur wat die uitslag van die algemene verkiesing sonder twyfel sal besliss.

Van hulle kant, so word verneem, kan dus allerhande sette verwag word om die groepie beroepspolitici aan die hoof van die H.N.P. te sterk in hul weiering om die hand van die Ossewabrandwag te vat.

ONTSETTENDE ONREG IN DISTRIBUSIE VAN KOS

Vis In Botter Terwyl Ander Vergeefs Smag na Droë Pap

Die hongersnood wat op die oomblik in die stede heers word op genadelose wyse afgewentel op die groot groep minder-bevoorregtes weens gebrek aan 'n behoorlike stelsel van rantsoenering. Dit is die gevolgtrekking waartoe 'n verslaggewer van Die O.B. geraak het na 'n ondersoek in Kaapstad na die voedselkrisis.

Etlike besighede wat voedsel voorsien, is genader en almal het openlik erken dat hulle 'n stelsel van rantsoenering volg wat neerkom op bevoorregting van 'n uitverkore groepie klandisie, en dat die bietjie wat oorbly — indien daar iets oorbly — vir 'n paar minute per dag oopgestel word aan die duisende onbevoorregte kontantkopers.

Gedurende die oorlogsjare toe ware skaars begin word het, het elke handelsaak in voedsel sy klandisie begin uitsoek. Slegs diegene wat op rekening koop is in tye van skaarsheid gehelp, en rekenings is drie, vier jaar gelede al vir nuwelinge gesluit. Slegs wanneer 'n ou kliënt weggaan word 'n nuwe in sy plek geneem. Meeste besighede het waglyste waaruit hulle nuwe klandisie soek. As almal op die lys geplaas word wat aansoek doen, sal elke besigheid duisende name moet neerskryf. Dit word egter nie gedoen nie.

UITSOEKERIG

Wanneer dit kom by die opneming van nuwe klandisie, is dit vanselfsprekend die praktyk van baie besighede om een oog op die toekoms te hou wanneer sake normaal sal wees. Belovende huishoudings geniet dan die voorkeur.

Die man wat vandag van die platteland na die stad trek, het geen hoop om brood, botter, kaas, suiker, tee, rys, ens. te bekom nie. As hy nie 'n rekening by 'n betrokke saak het nie, is hulle nie bereid om iets aan hom te verkoop nie.

Daar is vir hom ook geen hoop om enige van hierdie kosse by die kontantbasaars te koop nie. Hoewel hierdie besighede net op 'n kontant-basis oor die toonbank verkoop, het elk van hulle 'n bestellings-

Rusland Wil By Suidwes Inhak

Die begeerte van die Unie om Suidwes by die Unie in te lyf het ongevraagde kommentaar van Sowjet-Rusland in die Kommunistiese blad Nuwe Tyd uitgelok. Die blad skryf dat die beleid van die Unie om Suidwes in te lyf niks anders is as 'n „verdoening van die inwoners tot slawerny, armoede en verhongering. Daar word beweerd dat die bevolking van Suidwes die inlywing by Suid-Afrika aanvra op grond van die vooruitgang wat na bewering deur die naturelle-bevolking van die Unie gemaak is, maar die bewering is belaglik,” skryf die blad.

Rusland is veral bekommerd oor die toekoms van Suidwes omdat hy dit graag as mandaatgebied onder internasionale beheer wil hê. Dit sou beteken dat Rusland direkte seggenskap verkry in Suidwes en dit 'n afspringplek kan maak vir kommunisme in Suid-Afrika.

afdeling waar hulle nie nuwe klandisie neem nie.

BOTTER

In die geval van melkerye het dit aan die lig gekom dat geen greintjie botter aan nuwe klandisie verskaf sal word voordat die botter-posisie eers weer op sy vooroorlogse peil is nie. Dit beteken dat die beskikbare botter — of dit nou eenkwart, soos ses maande gelede, dan wel driekwart, soos tans, van die vooroorlogse toekennings is — net vir die ou klandisie varieer. Die gevolg is dat sommige huishoudings nou met die 75 persent-toekenning soveel botter kry dat hulle eiers en vis daarin kan bak omdat hulle nie weet wat om met alles te maak nie, terwyl net langs hulle huishoudings is wat nie eens 'n ons botter per week kan kry nie. Dit geld selfs vir klandisie wat vir soveel as drie jaar lank van 'n melkery melk ontvang, maar in die volop tyd nie ook botter saam met die melk gekry het nie. Hierdie mense sal eers gehelp word wanneer die ou klandisie net soveel botter kry soos voor die oorlog, al weet hulle nou met 'n 75 persent-kwota al nie meer wat om met al die botter te doen nie! Die vraag kom op wanneer die man op die waglyste eers eendag aan die beurt sal kom, om nie eens te praat van diegene wat nog nie eens op die waglys is nie.

BROOD

Van dag tot dag is daar talle persone wat van bakker tot bakker loop om brood te bekom sonder in staat te wees om iets in die hande te kry omdat dieselfde beginsel hier toegepas word. Broodwinkels en bakkers verklaar dat hulle 'n lys van name van hulle vaste klandisie het en net aan daardie persone brood verskaf. As jy nie op hul lys is nie, kan jy nie brood eet nie. Baie persone het voordat daar 'n skaarste aan brood was, hul brood van kafees verkry. Hierdie plekke se rantsoen is so gesnoei dat hulle nie meer brood kan verkoop nie en slegs vir hulle eie gebruik het. Al hierdie persone moet nou noodwendig 'n ander poging aanwend om brood in die hande te kry. Orals waar hulle gaan, word hulle egter die deur gewys.

ONREGVERDIG

Verskeie winkeliers het ons meegedeel dat hulle 'n algemene stelsel van rantsoenering sal verwelkom waardeur aan elke huishouding koepens uitgedeel word vir skaars artikels volgens die grootte van die gesin. Maar by gebrek aan so 'n stelsel wat deur die regering ingestel moet word, kan hulle niks anders doen nie as om die klompie bevoorregtes op hul boeke te voorsien en aan alle anderongeriges die koue rug toe te draai. Hulle maak oor die algemeen ook nie onderskeid tussen groot en klein gesinne nie. 'n Huishouding met slegs 'n man en vrou ontvang dieselfde hoeveelheid as 'n huis-

houding met agt kinders.

REGERING BANG

Daar kan net twee redes wees waarom die regering nog nie tot 'n stelsel van eweredige rantsoenering oorgegaan het nie. Die een is dat hy maar die weg van die minste aksie volg in ooreenstemming met die niksdoen-beleid van alle party-regerings, of dat die begeerte wel daar is om te rantsoeneer, maar dat die regering bewus is van die feit dat daar nie genoeg kos in die land is vir gelyke distribusie nie. Gelyke rantsoene sou beteken dat die rykes en bevoorregtes wat tot sover nog steeds op die voorpunt was om groter kosuitvoer na Engeland te eis dan so min sal kry dat hulle dit vir die regering onhoudbaar sal maak.

Die regering verkies dus om toe te sien dat die hongersnood deur die rykes afgewentel word op die armes liever as om hom bloot te stel aan die vyandskap van die invloedrykes in die samelewing.

Die Hollandse Calviniste en Sosiale Nasionalisme

Prof. L. J. du Plessis skryf:

Terwyl ons altyd vermoed het dat die oorlog die Nederlanders en veral die Calviniste onder hulle weer meer nasionaalbewus sou maak ook teenoor die Engelse kultuur, blyk dit nou uit die gegewens wat reeds uit Nederland beskikbaar geword het dat dit wel tot 'n mate die geval is, maar meer nog word dit merkbaar dat hulle 'n meer sosiale houding begin openbaar. Dit blyk b.v. uit die gebruik van sulke leuses soos „personalistiese sosialisme” en „funksionele desentralisasie”. Met die eerste word blykbaar bedoel 'n soort sosialisme wat tog die persoonlikheid sal eerbiedig, en met laasgenoemde 'n oordrag van sekere staatkundige gesag aan beroeps- of bedryfsorganisasies.

BESWARE

Maar besonder duidelik word hierdie omswaai gestel deur een van hulle nuwe weekblaaie: „Nieuw Nederland” (wat terloops £2 per jaar kos vir 8—12 bladsye per week). Hier heet dit b.v. in die uitgawe van 15 Febr. 1946, nadat eers teen die eikelike Calvinistiese party in Holland, die Anti-revolusionêre Party, soos dit voor die oorlog was, twee groot besware ingebring is, nl. eerstens dat dit nie genoeg die sosiale geregtigheid nagestreef het nie, en tweedens dat dit te seer 'n deflasie-beleid op finansiële gebied gevolg het, d.w.s. 'n beleid om pryse en lone af te druk:

„Men heeft in Christelike

kring voor de oorlog veel te weinig aandacht gehad voor de sociaal-ekonomiese vragen. Men heeft eigenlijk niet beseft dat de maatschappelijke orde, zo als wij die voor 1940 in Nederland gekend hebben, niet voldeed aan de eisen die het Evangelie stelt aan een rechtvaardige maatschappelijke orde.

ONVOLDOENDE

Teveel werd onze houding bepaald door een abstract dogmatiese afwijzing van het socialisme, dat in Nederland voor een groot deel altijd is opgetreden met inderdaad verwerpelike en anti-Christelike dogmatiese schemas.

Daartegenover werd in onvoldoende mate een principieel-konstruktief geluid gegeven. Men vergenoegde zich met het oplappen van het bestaande. Men zag de nood niet.”

Natuurlik is die blad nog skerp gekant teen die nasionaal-sosialisme en die kommunisme, maar ook die liberalisme van die teenswoordige Nederlandse regering en van Engeland, b.v. ten opsigte van die vraagstuk van Nederlands-Indië, steek hom dwars in die krop. Hy is oortuig dat die gekleurdes daar nog nie op eie bene kan staan nie.

Dit lyk dus wel of ons en ons Hollandse vriende mekaar nou weer beter sal begin verstaan. En dit sal ons seker van harte verwelkom.

Teken in op Die O.B.

Die Kopersbond Beperk (Geregistreer onder die Maatskappywet 1926)

★ ★ ★

Hierdie is nie 'n prospektus nie maar 'n aankondiging dat ons nominale kapitaal nou verhoog is na

£ 1,000,000

★ ★ ★

KOPERSBOND bied aan:

1. Veiligheid vir u belegging.
2. Verspreiding van u belegging.
3. Goeie diwidende.

★ ★ ★

Met die verhoging van Kapitaal word 50,000 „B” aandele van £5 elk aangebied.

★ ★ ★

DIREKSIE:

DR. F. J. KRITZINGER
DR. J. H. PIENAAR
DR. F. F. BORCHARDT
J. N. B. SCHABORT
G. T. ROBERTSON

DR. C. J. S. STRYDOM
J. J. ACKERMANN
DR. H. J. LUTTIG
DR. F. D. DU TOIT-VAN ZYL

Skryf dadelik om prospektus aan:

DIE SEKRETARIS

Die Kopersbond Beperk
POSBUS 8363
JOHANNESBURG

Partystelsel Oorsaak Van Verkeerde Wet

'n Verpletterende veroordeling van die partystelsel, wat vereis dat volksvertegenwoordigers hul gewete verkrag ter wille van party-eenheid, word gedoen deur Die Burger van 16 April in 'n hoofartikel oor die houding van Afrikaanse lede van die Verenigde Partijkonink wat teen hul beterswete vir die Indiër-wetgewing gestem het.

Die blad prys die houding van mnr. Walter Madeley, wat in stryd met die opdrag van sy party teen die maatreeël gestem het, en erken dat 'n benadering van die vraagstuk op 'n nie-partypolitieke grondslag, heeltemal anders sou uitgeval het.

Dat hierdie waarheid nie net vir die Indiër-maatreeël geld nie, maar vir die hele politieke veld en vir alle politieke partye, ontsnap egter blykbaar nog die blad se opmerkzaamheid. Hy verklaar:

„Vir mnr. Madeley is Suid-Afrika 'n aangename vaderland; by hom is die historiese Afrikaanse kleurstandpunt nie ingebore nie. Tog voel en handel hy op hierdie manier. Is dan diegene onder veldm. Smuts se volgelinge wat in Suid-Afrika gebore is en groot geword het, in hierdie saak minder Suid-Afrikaans as wat hy op dertigjarige leeftyd vir die eerste maal met hierdie land en sy omstandighede kennis gemaak het? En is die Suid-Afrikaanse Sap dan minder gestel op sy eie tradisies en minder besorg oor sy blankemans-toekoms as wat die Engelssprekende Arbeider dit is? Ons glo dit vir geen oomblik nie. Ons praat nie hier van die J. H. Hofmeyrs en R. J. du Toits, vir wie die Afrikaanse tradisie al

iets vreemds geword het, hulle wat meer uitlands as die uitlander self is nie. Ons praat ook nie van diegene onder die Engelssprekendes vir wie Suid-Afrika nog steeds 'n land van geestelike ballingskap is nie. Ons praat van die Afrikaans- en Engelssprekende lede van die Verenigde Party wie se lewensbeskouing wortel in die tradisie waaruit die Westerse beskawing in Suid-Afrika gegroei het.

„Ons glo vir geen oomblik dat hierdie mense oor die Indiër-wetgewing 'n minder Suid-Afrikaanse standpunt as mnr. Madeley toegedaan is nie. In hul harte is hulle net so seer teen die toekenning van die politieke regte aan die Indiërs gekant omdat ook hulle die verreikende betekenis en implika-

sies van hierdie daad besef.

Maar die verskil is dat hulle bereid was om aan hul eie gewetens en aan die toekoms van hul volk ontrou te wees ten einde aan hul leier en party getrou te wees.

Veldm. Smuts het aan hul gevoelens verby gegaan ten einde die Hofmeyr-groep en belange buitekant Suid-Afrika te paai; hulle het daarin berus en so doende aan veldm. Smuts die vereiste parlementêre meerderheid vir sy wetgewing besorg. Maar sal hulle kiesers ook daarin berus dat op hierdie manier aan hul oortuigings verbygegaan is?

„'n Meerderheid van die toekenning van politieke regte aan die Indiërs sou nooit deur 'n vrye stemming in die Volksraad verkry gewees het nie, en nog minder sou dit ooit deur 'n vrye stemming by die stembus verkry gewees het. Met die gemanuevreerde meerderheid in 'n Parlement wat vir gans 'n ander doel gekies is, word tans ingrypende kleurwetgewing deurgesit wat die toekoms van blanke Suid-Afrika kompromitteer.

Met 'n regering wat so optree, en met 'n parlementêre party wat so volgsaam is, sal die volk afreken.”

Dit Is Die Parlement

Dat die parlement 'n uitstekende middel is om party-propaganda te versprei, besef die parlementariërs terdeë. Die volksbelange is hier dan ook bysaak soos uit onderstaande aanhaling uit Hansard blyk. Is hulle nie besig om hulle partybelange te bevorder nie, is hulle besig om mekaar sleg te sê.

Ons haal aan uit Hansard No. 10 (par. 4324):

„Genl. KEMP: As die agbare lid vir Johannesburg-Wes (mnr. Tighy) net sy snater kan hou, sal ek aangaan. Ons het geen enkele spreker sover gehinder aan daardie kant van die Huis nie. . . . Ek hoop dat daardie tussenwerpsels nou sal ophou, want die agb. lid vir Johannesburg-Wes (mnr. Tighy) sal die geleentheid hê om die huis toe te spreek. . . . Die agb. lid vir Vryheid het aan ons gesê: Maar kyk daar in my eie afdeling, daar is die posisie baie beter vandag as wat die posisie vroeër gewees het. Nou wil ek aan die kiesers van Vryheid sê aan wie hulle dit te danke het dat die posisie beter is. Hulle het dit nie te danke aan die agb. lid vir Vryheid nie. Hulle het dit te danke aan die Nasionale Party en hulle het dit te danke aan die agb. Leier van die Opposisie. . . . Dus het die agbare lid vir Vryheid die goeie toestand wat daar bestaan in Vryheid te danke aan die Herenigde Nasionale Party.

Dr. STEENKAMP: Laat staan tog die partysake, en praat oor die wetgewing.

Mnr. J. G. STRYDOM: Het jy nie lof toegeswaai aan die Eerste Minister nie?

Dr. STEENKAMP: Ja.

Mnr. J. G. STRYDOM: Waarom kan die agbare lid vir Wolmaransstad (genl. Kemp) nie lof toeswaai aan die Leier van die Opposisie nie?

Par. 4332:

„Genl. KEMP; . . . en ek sal

persoonlik hulle kiesafdelings besoek en ek sal dit baie duidelik maak aan ons mense water gevaar die blanke bevolking nou loop deur middel van hierdie wetgewing en die beleid van die Suid-Afrikaanse party. . . .”

„Mnr. FRIEND: Daar is nie meer 'n Suid-Afrikaanse party nie.

Mnr. SERFONTEIN: Is jy nou skaam om 'n Sap te wees?

Mnr. FRIEND: Nee ek sê maar net daar is nie meer so iets nie. Daardie agb. lid het gehelp om dit dood te maak.

Genl. KEMP: Mens kan begryp dat die agb. lid nou bang is om 'n Suid-Afrikaanse Party-ondersteuner genoem te word.

Mnr. FRIEND: Maar julle is mos nie die Nasionale Party nie; julle is mos die Herenigdes.

Genl. KEMP: Ek was nog nooit skaam gewees om 'n lid van die Nasionale Party genoem te word nie. Dit is vir ons 'n baie groot eer, maar as dit vir daardie agb. lid 'n skande begin word om 'n Sap genoem te word, dan bejammer ek hom. Maar ek laat dit oor aan die kiesers wat in verband met daardie kwessie met hom sal afreken.”

SKELDTAAL

Praat die parlementariërs nie oor hul partysake nie, kyk hulle wie die beste skeldtaal kan gebruik. (Par. 4394):

„Mnr. TIGHY: Nadat die agb. lid vir Kimberley (Distrik) (mnr. H. T. van G. Bekker) 'n oorwinning behaal het. . . .

Mnr. BOLTMAN: Wat jou siek gemaak het.

Mnr. TIGHY: Nee, die laaste ding wat my sal siek maak is 'n Nasionale oorwinning. Ek sê dat nadat die agb. lid vir Kimberley (Distrik) daardie oorwinning behaal het, verwag 'n mens natuurlik dat hy nou sal probeer om die diamantnywerheid op 'n gesonde voet te plaas en om al sy kiesers ryk mense te maak. Nou ja, wanneer dit kom by die tyd van 'n verkiesing, gee mens baie min om watter soort beloftes jy maak.

Mnr. LUDICK: Is dit wat jy doen?


Mnr. TIGHY: Ek dink die agb. lid vir Lichtenburg (mnr. Ludick) is 'n uitstekende deskundige op daardie gebied. Trouens, ek dink die hele Nasionale Party is deskundiges op daardie gebied. Hulle besef nou natuurlik dat dit nie so maklik gaan hier in die Volksraad soos daarbuite nie, en dat hierdie parlamentshuis amper bestempel kan word as 'n plek waar lees mak gemaak word. Daar op die platteland brul hulle soos lees maar wanneer hulle in die Huis kom dan word hulle gou-gou mak gemaak, en ek hoop die agbare lid vir Kimberley (Distrik) is ook hier absoluut mak gemaak vanmiddag en dat hy nie so vreeslik sal brul saam met die agb. lid vir Albert-Colesberg (mnr. Boltman) met die volgende verkiesing op die platteland nie, en dat hy ook saam met mnr. Mussolini van Wyk daar sal brul soos 'n leu of 'n tier nie. Dit is een aspek van die saak. Ek hoop die agb. lid sal nou meer versigtig wees met sy beloftes.

Mnr. BOLTMAN: Watter beloftes het hy gemaak?

Mnr. TIGHY: Die agb. lid vir Albert-Colesberg is die laaste vent of die laaste agb. lid wat 'n man in die rede behoort te val. Ek is oortuig daarvan dat as ek die Huis vertel van sy optrede gedurende die verkiesing hy so skaam sal wees dat hy soos 'n brakkie, stert tussen die bene uit die Huis sal stap. . . .

„Mnr. TIGHY: Daar is baie metodes. Ek sien die agb. lid vir Albert-Colesberg sit weer reg om my in die rede te val. Hy sit met sy kop voorop op die bank, en hy laat my amper dink dit is 'n pampoer. . . .”

So word die volksbelange in die parlement „bevorder”. Intussen is die volk tevrede om hierdie woordkramers £1,000 per jaar te betaal vir hulle „harde” werk. Hierdie geklets het die land £45 gekos, gereken teen 1/3 per woord—die swartmarkprys wat, volgens die begroting, betaal word vir elke woord in die parlement.



WAARDE VIR GELD

ONDERSTEUN ONS ADVERTEERERS!

**Vir Deftige Tabberds
Twee-stuk Rokke
en Sommerhoede**

Kom seker eers na

Steyns

**DIE DAMES-WINKEL
PAROW**

A.V.R.O.B.

Lykbesorgers, Grafsteenmakers,
Begrafnisverskerners

**Bloemfontein — Pretoria
130 Takke**


PLUIMVEE

Die Beste Firma om u PLUIMVEE,
FLEURS en ander PRODUKTE aan
te stuur is:

C. M. ELOFF EN KIE.
(Edms.) Beperk
MAGNMARK (Postbus 7122) Newmarket

R. W. van Ryn

BRILMAKER



Bring u oogarts se voorskrifte na my, en doen u keuse uit my groot verskeidenheid moderne brilrame, asook raamlose modelle.

ONTHOU! 5de Verdieping, Groote Kerkgebou, Kaapstad.

BURGERSDORP

AANDAG:

- (1) Eeufeesviering op 22, 23 en 24 Mei 1946.
- (2) Alle oud-Burgersdorpers en belangstellendes word vriendelik uitgenooi om die verrigtinge by te woon.
- (3) Eeufees-gedenkboek! Bestel dadelik — oplaag klein. Prys 12/6 per eksemplaar. Aflewering voor die fees.
- (4) Oudhede vir bruikleen en uitstalling gestuur te word aan J. H. Viljoen, Hoërskool, Burgersdorp, voor die einde van April.
- (5) Vir program, medaljes en eeufeesseëls, asook losies, bestellings en alle besonderhede, skryf aan:
DIE SEKRETARIS,
Eeufeeskomitee,
Postbus 13 — Burgersdorp.

Nou is u kans!!

om die jongste

Afrikaanse Klankrolprent

Pinkie se Erfenis

wat oral besonder groot byval vind, te sien!!

'n Uitmuntende voorprogram word ook aangebied. Neem u kans waar en bespreek u plek dadelik! Die land word tans met drie toer-eenhede bereis.

TOERPLAN:

MAANDAG, 29 APRIL:

VREDENBURG, PAROW,

McGREGOR

DINSdag, 30 APRIL:

VELDRIFT, PHILADELPHIA

RIVIERSONDEREND

WOENSDAG, 1 MEI:

AURORA, MAITLAND,

RIVIERSONDEREND

DONDERDAG, 2 MEI:

PIKETBERG, TIERVLEI,

CALEDON

VRYDAG, 3 MEI:


PORTERVILLE, STELLEN-

BOSCH, FRANSCHHOEK

SATERDAG, 4 MEI:

CITRUSDAL, STELLEN-

BOSCH, WORCESTER



**'N EGTE
AFRIKAANSE
PRODUK**

EN
VERBAN
ALLE VERKOUES,
HOES, HOOPFYN, AAMBEIE,
WINTERHANDE, ENS.

Handelsnavrae: **INTERNASIONALE KOPERS (EDMS.) BPK.,**
Postbus 3180 - - - **KAAPSTAD**

DIE O.B., WOENSDAG, 24 APRIL 1946.

Dubbele Veroordeling

Genl. Smuts het die bestaan van die blanke ras in Afrika 'n kakebeenslag toegedien met sy Indiër-wetgewing wat verlede week in die parlement deurgedryf is. 'n Vraagstuk wat deur die Britse imperialisme op ons land afgelaai is, is nou van sy imperialistiese baan af oorgeskakel na 'n nasionale vlak. Die Indiërs wat vir tydelike doeleindes ingevoer is deur dieselfde kapitaliste wat nou weer op die Londense aandelebeurs koersagtig dubbel met die Vrystaatse vlaktes omdat daar ryk goudkwarts ontdek is, het tans 'n nasionale groep binne Suid-Afrika se reeds kleur-ryke bevolking geword.

Die volk het aangedring om 'n oplossing van die Indiër-vraagstuk; genl. Smuts het daarop geantwoord met 'n vose kompromis in belang van sy party. En vir hierdie onsalige doel het hy ingespan konserwatiewe Afrikaners van Transvaal, soos mnr. W. J. B. Prinsloo, en kleurblinde liberaliste soos min. J. H. Hofmeyr. Albei hierdie seksies in genl. Smuts se kraal was ontevrede — die een wou minder gehad het, die ander meer en daar was selfs sprake van bedankings — maar toe die party-sweep klap het liberalis en konserwatis in verenigde krag weggebeur om die partymaatreël deur te druk.

Dit het hier gegaan om 'n maatreël wat die voortbestaan van die blanke ras raak, en so naak het sommige parlementariërs hierdie bedreiging aangevoel, dat hul instink vir selfbehoud inderdaad hul partylojaliteit oortref het. In die Arbeidersparty het 'n paar lede, onder wie die leier self, so diep onder die indruk van die vernietigende gevolge van die maatreël gekom, dat hulle hul posisies binne hul party opgeoffer het om daarteen te stem. Dit is 'n seldsaamheid in die partypolitieke geskiedenis wat slegs die erns van die maatreël beklemtoon. Gewoonlik oortref partylojaliteit enige ander oorweging, soos die Verenigde Party se konsolidariteit in dieselfde verband bewys.

VERBASINGWEKKEND

'n Verdere bewys van die erns van die saak is die houding van die amptelike opposisie. Tensy aangeneem word dat dit 'n gewone propaganda-streek is, moet die optrede van die H.N.P. aan paniek toegeskryf word, want dit het totaal afgewyk van die logiese koers van die partypolitiek. Dr. Malan verwyf genl. Smuts naamlik dat hy van die Indiër-wetgewing 'n PARTY-maatreël gemaak het, en watter maatreël was sedert 1936 nie 'n partymaatreël nie? — en daardeur die volk oneindig skade berokken het. Hy het uit die staanspoor gepleit dat die saak buite die partypolitiek gehou moet word, en in sy laaste poging van verset het hy 'n beroep op genl. Smuts gedoen om eers 'n volkstemming oor die saak te hou.

Ons wil aanneem dat dr. Malan in diepe kommer oor die belange van sy volk was toe hy die verbasingwekkende oordeel oor die partypolitiek uitgespreek het in die volgende bewoording, volgens Die Burger van 17 April:

„Spr. wou met sy eerste voorstel trag om die hele saak bo die partypolitiek te stel en daarvan 'n NASIONALE saak te maak. Daardeur sou alle partygevoel uitgeskakel gewees het en sou jy lede losgemaak het van die tirannie van die partysweep.”

DOODSANGS

Gedryf deur die spook van nasionale ondergang pleit 'n party-leier hier — 'n leier wat vyf jaar lank 'n onverbiddelestryd voer teen 'n organisasie soos die Ossewabrandwag omdat hy teen die partypolitiek profeteer — dat 'n maatreël in belang van die volk uit die tirannieke kloue van die partypolitiek geruk en deur die volk self gehanteer moet word!

„Dr. Malan het genl. Smuts verder die volgende verwyf toegevoeg:

„Dit is 'n uiters belangrike maatreël wat die toekoms van Suid-Afrika raak, maar hy gee aan die VOLK geen geleentheid om mede-seggenskap te kry nie.”

Wat 'n rondborstige erkenning dat die partypolitiek afgesonderd staan van die volk en dat laasgenoemde nooit enige mede-seggenskap kry nie — om dus nie eens te praat van algehele seggenskap nie!

Maar dit het 'n maatreël soos dié van genl. Smuts gekos om hierdie erkenning in angssweet af te pers.

Dit is 'n skrilte veroordeling van die Indiër-maatreël, maar nog 'n skrilte veroordeling van politici wat die een oomblik die volk oproep om vir die partystelsel te kies teen die Ossewabrandwag en dan die volgende oomblik in hoë nood te waarsku teen die „tirannie van die partysweep” wat die volk van alle seggenskap beroof! Tensy natuurlik dr. Malan in die praktyk gaan toon dat sy verwerping van die partystelsel nou so duursaam is dat dit samewerking met die Ossewabrandwag moontlik maak.

Eenheid Nou In Sig?

„'n Meerderheid vir die toekenning van politieke regte aan die Indiërs sou nooit deur 'n vrye stemming in die Volksraad verkry gewees het nie, en nog minder sou dit ooit deur 'n vrye stemming by die stembus verkry gewees het.”

In bostaande woorde stel Die Burger die Ossewabrandwag se saak teen die parlementêre demokrasie, of beter gesê, diktatuur. Maar wie het hierdie stemming dan onvry gemaak? Is dit genl. Smuts? Nee, dit is die eise van die partystelsel self, en indien hierdie stelsel afgeskaf was, soos die Ossewabrandwag bepleit,

Veldm. Smuts Nogmaals Na 'n Vredeskonferensie

(Deur Dr. J. A. WIID)

Jan Smuts, wat in sy 76ste lewensjaar staan, sal eersdaags sy derde vredeskonferensie beleef. Dit is 'n prestasie wat geen ander lewende staatsman hom kan nadoen nie. Ofskoon hy nie een van die amptelike ondertekenaars van die vredesverdrag van Vereniging was nie, het die genl. Smuts van destyds, soos bekend, 'n leidende rol by die totstandkoming van daardie verdrag gespeel. Tussen Vereniging van 1902 met sy beperkte maar nietemin deurslaggewende betekenis vir Suid-Afrika en die Britse Ryk en die vredeskonferensies van Versailles (1919) en Parys (1946) met hul wêreldbeteekenis, lê 'n stukkie wêreldgeskiedenis wat sy gelyke nie het nie. In hierdie tyd het menslike geluk en menslike ellende hoogtes en dieptes bereik soos die geskiedenis waarskynlik nog nie geboekstaaf het nie. En aan hierdie timmerasies van vrede net soos aan die verwoestings van oorlog gaan Jan Smuts nou vir die derde keer deelneem.

VELDM. SMUTS EN DIE EMPAAIER

Die Suid-Afrikaanse Premier sal op die voorraand van die vredeskonferensie eers 'n Rykskonferensie in Londen bywoon. Op hierdie konferensie sal die eerstydse Boere-Generaal en vyand van die Britse Ryk vir die soveelste keer geleentheid kry om met die sake van 'n wêreldryk kennis te maak. Reeds op die voorraand van sy vertrek na Londen het sy Indiër-wetgewing ongestreks 'n vraagstuk aangeroer wat van wesenlike belang vir die voortbestaan van die Empaaiër is. Die skitterendste juweel van die Britse kroon lewer vandag een van die moeilikste probleme waarmee die Britse Ryk al ooit te doen gehad het. Die Britse kommissie wat op die oomblik in Indië vertoef en aan die timmerwerk van 'n toekomstige Indië sy aandag wy, staan voor 'n onbegonne taak. Die huidige Indië, die resultaat van 'n agressiewe Britse Imperialisme uit die dae toe die Britse leeu nog skerp tande en 'n onversadigbare aptyt gehad het en die laat-maar-ontwikkel-

sou genl. Smuts geen partymaatreël daarvan kon gemaak het nie. Genl. Smuts voer maar net die stelsel uit wat Die Burger vir die afgelope vyf jaar al teen die Ossewabrandwag verdedig. Om genl. Smuts — 'n mede-parlementariër — nou van binne die parlement te verwyf omdat hy nie afgewyk het van die partystelsel nie, kom op dieselfde neer as om 'n hoenderhen te verwyf dat sy 'n eier in plaas van 'n kuiken gelê het. Genl. Smuts het die volste reg, meer nog, die volste verpligting gehad om van die Indiër-kwesie 'n party-maatreël te maak. **INDIEN DIE PARTYSTELSEL GOED IS.**

Maar as dit nie goed is nie, en daar gepleit moet word vir 'n afwyking daarvan sodra ernstige vraagstukke hulle voordoen, dan het dit nou die plig van die H.N.P. en sy pers geword om die stryd teen die Ossewabrandwag te staak, want dit is juis omdat die partystelsel nie deug as 'n middel om groot vraagstukke op te los nie, dat die Ossewabrandwag dit beveg.

Vir vyf jaar lank het Die Burger en sy leiers die partystelsel verdedig as goed. Ons wil aanneem dat hulle dit opreg bedoel het, maar dan wil ons ook aanneem dat hulle nou eerlik is met hul verwerping daarvan, en dan het alle grond vir verdeeldheid tussen hulle en die O.B. verval.

Laat die H.N.P.-leiding dus die hand van vriendskap wat tot hom uitgesteek word, vat en laat ons van die volgende verkiesing 'n volksverkiesing maak teen Smuts en nie 'n partyverkiesing nie wat weer die volk sal uitskakel van seggenskap, soos dr. Malan nou erken het die partystelsel doen!

beleid van die verswakte Brittanje van die 20ste eeu, lewer 'n vraagstuk waarmee die aanstaande Rykskonferensie hom sonder twyfel sal besighou. Suid-Afrika wat, soos geen ander lid van die Britse Gemenebes van Nasies nie, aan eie lyf met 'n lastige Indiër-vraagstuk te doen het, sal deur middel van sy premier in Londen nogmaals geleentheid kry om hierdie lastige saak te bespreek, geswyg op te los.

(b) EGIPTE

Op weg na Londen sal veldm. Smuts ook glo geleentheid kry om die Egiptiese saak weereens te bestudeer. Egipte is nie deel van die Britse Ryk nie, maar die strategiese posisie van hierdie land aan die Middellandse See en met sy Seuzkanaal maak hom van buitengewone belang vir 'n Empaaiër wie se voortbestaan uit die aard van die saak afhanklik van sy verbindingslinies is. Op die oomblik eis Egipte die verwydering van Britse troepe uit die land en gebiedsuitbreiding in die Britse Soedan. Of Brittanje met die oog op die gevaarlike posisie in Indië en die donker skaduwee wat die Russiese beer oor die Midde-Ooste en die Middellandse See werp, aan die Egiptiese eise kan toegee, is 'n vraag wat waarskynlik op die Londense Rykskonferensie bespreek sal word.

(c) RYKSVERDEDIGING

'n Ander saak op die agenda van die aanstaande Rykskonferensie is sonder twyfel die *gemeenskaplike verdediging* van die Britse Empaaiër. Dat Sowjet-Rusland die potensiele vyand is teen wie hierdie *gemeenskaplike verdediging* bedoel is, hoef geen betoog nie. Dit is in elk geval veelseggend dat die ding wat in die verlede by ons die lelike naam van *Imperiale Federasie* gedra het, vandag onder die mooi en onskuldige *gemeenskaplike verdediging* weggesteek moet word. Met die oog op veldm. Smuts se oorlogsbedrywighede van die verlede is dit onwaarskynlik dat hy hierdie keer nie dapper sal meedoen nie. Vir mense met holistiese wêreldbeskouings is lokale patriotisme nou eenmaal uit die bese en is die bemesting van verre strande met die lyke van jou kosbare jongmanne die noodsaaklike prys wat vir lidmaatskap van 'n wêreldryk betaal moet word.

BRITTANJE SE TWEE BONDGENOTE

Behalwe bogenoemde vraagstukke sal waarskynlik ook sake soos ryksvoorkeur, ryksverkeerswese, emigrasie en immigrasie sowel as die Jode-vraagstuk die aandag geniet. Dit is betekenisvol dat die Rykskonferensie op die voorraand van die Vredeskonferensie plaasvind. Vir die voortbestaan van die Britse Gemenebes van Nasies is dit noodsaak-

Buitelandse Oorsig

lik dat die Ryk teenoor die buitewêreld 'n verenigde front toon en uit een mond praat en hierdie eenstemmigheid moet vooraf op die Rykskonferensie beklank word. In hierdie opsig sal veldm. Smuts sonder twyfel waardevolle dienste kan verrig. As gewese vyand en as later oortuigde voorstander van die Empaaiër kan hy met gesag praat. Sy taak sal egter geen gemaklike wees nie. Op die Vredeskonferensie sal hy bondgenote soos die V.S.A. en die Sowjet-Unie moet oortuig dat die Britse Gemenebes van Nasies en die Britse Ryk nog 'n gelykwaardige vennoot is, dat daar nog met die gesag en krag van eenheid gepraat en gehandel kan word soos in die vorige eeu. Hierdie oortuigingswerk sal moeilik gaan. Die feite van die jongste verlede en die hede pleit daarteen. In Washington sal daar diegene wees wat op die bankrotskap, agterlikheid en swakheid van die kernland van die Empaaiër sal wys. Amerikaners is geneig om hul hulpverlening aan Brittanje in oorlogs- sowel as in vredestrye te beklemtoon en teendienste in die vorm van verlaagde voorkeurtariewe en wêreldverkeersgeriewe te eis. Ook die agterdogtige Russe sal op die ontsaglike offers wys wat hulle op die altaar van die gemeenskaplike oorwinning gelê het en hulle intussen orals ingraaf en op alle gebeurlikhede voorberei. Voorts sal die Ierse Republiek altyd as bewys dien dat die Britse Ryk in sy grootste nood nie as 'n eenheid gehandel het nie maar dat die Iere strafloos 'n eie neutraliteit kan handhaaf.

Dit gaan veldm. Smuts se derde vredeskonferensie wees. Van 1902 en 1919 se konferensies het hy as teleurgestelde man teruggekeer. Gaan dit hierdie keer anders wees?

Tito Se Stem En Postuur Verander

Berigte sedert die wapenstilstand het getuig van toenemende militêre voorbereiding in Joego-Slawië. Dit is welbekend dat Rusland agter hierdie land sit en hom steun in sy aanspraak op die Italiaanse hawe Triëst, wat toegang verleen tot die Middellandse See.

Die Review of World Affairs meld in sy jongste aflevering dat berigte van waarnemers uit verskillende oorde op 'n sonderlinge stukkie nuus dui, waarvan die betekenis nog nie vasgestel kan word nie. Verklaar word dat maarskalk Tito, diktator van Joego-Slawië, se stem kort gelede verander het. Voorheen het hy met 'n swaar Kroatiese aksent gepraat, maar tans doen hy dit nie. Ook praat hy nie meer Slawies-Kroaties soos voorheen nie, maar met 'n ietwat vreemde aksent. Ten slotte is maarskalk Tito ook nie meer so groot soos tevore nie, maar dit lyk of hy 'n bietjie gekrimp het. Aldus die berigte wat daaraan toevoeg dat hierdie verskynsel dwarsdeur die land onder bespreking is.

Die O.B. is die Advertensieblad van die toekoms. Gebruik sy geklassifiseerde kolomme.

Die Kolomme van die Engelse Pers

Geen Arm Duitsland

Die Natal Witness skryf na aanleiding van die heropbouingsplan van die Geallieerdes vir Duitsland in 'n hoofartikel oor die implikasies wat dit mag hê.

„Of ons nou daarvan hou of nie, sestig miljoen van die mees geïndustrialiseerde en bekwaamste mense, in besit van 'n land met aansienlike natuurlike bronne in die hart van Europa, kan nie doelbewus verarm word nie sonder om nadelige gevolge vir buite die grense van Duitsland te hê nie. Dit is sekerlik nie 'n praktiese beleid nie”, skryf die Natal Witness oor die vredesplanne met Duitsland. „Om 'n verarmde deel binne die hart van die kontinent te skep sal 'n nadelige uitwerking hê op die res van Europa en moontlik op die res van die wêreld. Dit sal sekerlik die herstel van Europa vertraag en dit mag die begin wees van 'n siklus van verarming wat sal lei tot politieke omwenteling, wat weer tot 'n oorlog mag voer.

„Die algemene beginsel van ekonomiese onderlinge afhanklikheid word vandag deur die wêreld erken, maar baie mense, selfs ekonome en staatsmanne, het toegelaat dat hul gevoel van verontwaardiging teen Duitsland hulle mislei het in 'n kortstygige weiering om hierdie beginsel op hom toe te pas. Die Morgenthau-plan vir die afbreek van Duitsland se nywerhede, glo ons, sal nadelig wees vir die hele Europa.”

Kanse Aan Rand

Burnside's Weekly skrywe na aanleiding van die onlangse tussenverkiesings aan die Rand:

„Die mislukking van die Nasionale Party om die Provinsiale tussenverkiesing in Wes-Rand te wen, is volgens politieke waarnemers 'n duidelike aanwysing dat die hoop wat die Nasionale Party het om aan die bewind te kom, gedoem is.

„Die Verenigde Party het daarin geslaag om die setel in die Provinsiale Raad te behou met 'n meerderheid van meer as 700 stemme, en waar die Arbeider-kandidaat derde gekom het in die driebeentseisies, het die Nasionale kandidaat 'n beskeie tweede plek gevul in 'n kiesafdeling waar die Nasionale optimisties verklaar het dat hulle sterk is.”

Die blad verklaar verder dat waarnemers dit as 'n afname beskou in die krag van die Nasionale Party aan die Rand, en dat die Nasionale nie hoop het om enige ander setel aan die Rand te wen as dié wat hulle reeds besit nie, en baie van hulle sal onseker wees met die nuwe afbakening van die kiesafdelings.

Beroepspolitikus Se Oordeel as Minister

Min. Harry Lawrence het verlede week in Kaapstad aan 'n gehoor gesê dat die Suid-Afrikaanse Polisie teen aanstaande jaar met 4,000 vermeerder sal word.

Mnr. Lawrence profeteer nou as Minister van Justisie nadat hy 'n paar jaar gelede as Minister van Welsyn en Demobilisasie geprofeteer het dat daar „in die loop van die volgende twaalf maande” dertigduisend huise deur die staat gebou sou word. Die eerste van hierdie „30,000 huise” — later het dit 6,000 geword — is 'n week of twee gelede deur die nuwe Minister amptelik in ontvangs geneem — byna drie jaar ná die belofte.

DIE REGTE SYFER

Die S.A. Polisie sal, volgens berekening, voor die einde van Maart 1947 met 1700 konstabels sterker wees, aldus 'n verklaring van die Adjunk-kommissaris van Polisie verlede week in Johannesburg.

FRASERBURG

Op 27 Feb. het die mans- en vroue-kommando's van Fraserburg weereens bymekaar gekom om die Vryheidsvlam aan te steek. Tenspyte van die geweldige droogte wat ons nou al 'n paar jaar mee te kampe het, kan die vryheidsgees nie gedooft word nie.

Hoofkomdt. W. F. van Wyk het ons kortliks 'n opsomming gegee van die Laertrek te Bloemfontein en in die algemeen aangetoon wat ons pligte en strewe moet wees in die toekoms. Om 9-uur is die Vryheidsvlam aangesteek en in alle plegtigheid is die verrigting afgehandel. — (Ingestuur.)

MARKAGENTSAP

VROEE MORE-MARK

KAAPSTAD

Betaling geskied onmiddellik, weekliks, maandeliks of soos verlang

Beste heersende pryse

MINNAAR

EN VAN SCHOOR

Finansier: GUSTAV RETIEF


'n Waarborg!

Elke bottel drank uit ons welbekende voorraad EXCELSIORWYNE, BRANDEWYNE en LIKEURE gaan outomaties gepaard met 'n waarborg van tevredenheid. Bestel met volle vertroue. Bedien met trots. Verkry die meeste uit u drankie deur alleenlik die beste te bestel. Skryf dadelik vir u pryslys.

EXCELSIOR WYNMAKERY

Posbus 1 — Tel. 902
Telegr.: „Excelsior”
Vlakteplaats-Stasie, K.P.

KLAVIER-SINKOPASIE



Speel op gehoor.

Die wondermetode van die eeu deur

JANNIE RAATH

in KLAVIER-JAZZ — TREK-KLAVIER — HAWAIESE KITAAR — KITAAR

Die enigste van sy soort. Oud en Jong kan nou op gehoor speel — geen kennis of oor vir musiek nodig nie. Speel eerste wysle binne 30 minute oefening. Geld terugwaarborg. Pos 1/- posorder vir besonderhede aan:

RAATH ATELJEES

Erasmus-gebou — Pretoria
Posbus 1175 — Foon 24738

VIR VEILINGS EN EIENDOM-VERKOPINGS

Van Riebeeck Trust Mpy. Bpk.

SECURITY-GEBOU — KAAPSTAD

Takkantore: Bellville, Strand en Wynberg.

DIE MOTORHANDEL

BIED

ONTSAGLIKE MOONTLIKHEDE

President Motors Bpk.

BIED AAN TEEN PARI:

- (1) Vir veilige belegging met gewaarborgde diwidend: 5% AKKUMULATIEWE PREFERENTE AANDELE VAN £1-0-0 ELK.
- (2) Vir moontlike kapitaal-appresiasie: GEWONE AANDELE VAN 5/- ELK.

Sodra £100,000 volgeskryf is, sal die direksie applikasie maak vir kwotasie van beide soorte aandele op die beurs.

ONDERSKRYF DEUR NASIONALE UNITS
BPK., JOHANNESBURG, VIR 40,000
GEWONE AANDELE

Takbesighede te Bloemhof en Schweizer-Reneke, Tvl.
Direksie: Phil. J. Botma, Ben J. Pienaar en D. F. du Toit.
Ouditeure: Ryk Nagel van Meyer Nel en Kie.

Skryf nou aan:

DIE SEKRETARIS, Posbus 7638,
Johannesburg.

ONS SAAK SKEP VERTROUE

KENNIS IS MAG

Reik na geleerdheid en mag met minimum moeite en koste deur middel van die MODERNSTE en EENVOUDIGSTE tuisstudie-kursusse van die

LYCEUM KOLLEGE

Wil u 'n Wetsgeleerde word? Of 'n Bestuurder, Sekretaris, Rekenmeester, Joernalis, Naturelle-Administrateur, Snelskrywer(ster), Tikker(ster) of Gewone Sakeman?

BEVEILIG U BESTAAN DEUR

GELEERDHEID

Begin vanwaar u die skool verlaat het. Ons lei ons studente op vanaf Std. VI.

(Knip hierdie advertensie uit en pos dit dadelik.)

Naam

Adres

Kwalifikasies (Standaard geslaag)

Kursus waarin u belangstel

(Std. VI, VII, VIII, X, N.S.S., Matriek, Wetseksamens, Naturelle-wet en -Administrasie, Boekhou, Sekretariskursusse, Ken u Motor-kar, Landbou, Bantoetale, Taalbond, ens.)

LYCEUM KOLLEGE — POSBUS 5482 — JOHANNESBURG

Uit Die Week se Nuus

10 OKTOBER AS VAKANSIEDAG: Die Uitvoerende Komitee van die Munisipale vereniging in Transvaal het besluit om by alle plaaslike besture in die Transvaal aan te beveel om op 10 Oktober (Krugerdag) hul kantore te sluit en op te tree asof dit 'n vakansiedag is. Hulle het ook verder besluit om verhoë tot die regering te rig dat die regering 10 Oktober as 'n vakansiedag erken.

TEN GUNSTE VAN PASSTELSEL: Dat naturelle wat in die stede en dorpe wil gaan werk eers 'n pas van hulle opperhoof moet ontvang voor hulle toegelaat word tot die stede, is die mening wat deur die naturelle-opperhoof Chuene op Pietersburg uitgespreek is. Hy het verklaar dat die naturelle veral besorg voel oor die verval van 'n sekere groep naturelle wat 'n klad op die naam van die naturellebevolking is.

SMUTS SE BESOEK AAN BRITTANJE: Wanneer genl. Smuts Engeland besoek sal die kwessie van die verdediging van die Rooi See en die Middellandse See sover as dit die veiligheid van Suid-Afrika raak, ter sprake kom. Die lot van die Italiaanse kolonies sal ook beslis word.

KEUSE VIR PARADE IN LONDEN

Agtien nie-blankes van die Unie sal aanstaande maand deelneem aan die oorwinningsparade wat in Londen gehou word, het die Eerste Minister in die parlement verklaar. Nege nie-blankes sal die kleurlingkorps en die Indiër- en Maleierkorps verteenwoordig. Nege verteenwoordig die naturellekorps. Daar sal altesaam 250 lede van die Unie-leërmag aan die oorwinningsparade deelneem.

VROUE BYEEN OP STELLENBOSCH

Die Vroue-kommando van Stellenbosch het Donderdagaand, 14 Maart, in die C.S.V.-ruskamer 'n algemene vergadering gehou. Komdte. Basson het verslag gedoen van die Offisiërslaertrek te Bloemfontein. Met dié geleentheid is ook afskeid geneem van dr. Erica Theron as adjudant van die komdte. As blyk van hulde en dankbetuiging is aan haar 'n ruiker aangebied. Die kommando wens haar seën en sukses toe in die uitvoering van haar pligte as Gebiedshoofvrou vir Gebied A.

Die volgende nuwe offisiere is aangestel: mev. Wium as Plaasveldkornette; mev. L. van der Merwe as Boerejeugveldkornette; mej. L. J. Louw as Adjudante; mev. Van Velden as Asst.-Veldkornette; mev. Van Eck as Korporale.

Na afsluiting van die vergadering het almal saam gesellig tee gedrink. — (Ingestuur.)

GEESDRIF GROOT OP BEAUFORT-WES

Vryheidsdag is weer in 'n pragtige gees te Beaufort-Wes gevier. Die opkoms was goed en die mooi samewerking het as resultaat die bedrag van £74 opgelewer. Aangesien dit nog 'n vleislose dag was en die bak van koek belet is, beskou ons die insameling as uitstekend. Dit kon alleen verwesenlik word deur die uitstekende spanwerk en selfopoffering van brandwagte en lede van die publiek wie se name ons nie mag noem nie. — (Ingestuur.)

Lees Hier !!

„Die O.B.” se geklassifiseerde kolomme geniet al meer aandag en tevrede adverteerders oor die hele land verwittig die advertensie-bestuurder gedurig van die uitstekende reaksies wat hulle op hul geklassifiseerde advertensies kry. Brandwagte, „Die O.B.” is reeds die nuusblad van die nuwe tyd vir u geklassifiseerde advertensies. Probeer een keer en oortuig u self. U bereik tienduissende lesers oor die lengte en breedte van Suid-Afrika.

TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES.

Maanddelike Kennisgewings: (Verloving, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 2d. per woord; minimum 4/- per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25% afslag.

Maanddelike advertensies: Enkele plasinge (vooruitbetaalbaar): 3d. per woord, minimum 6/- per plasing. Vir 2 tot 26 agtereenvolgende plasinge: 2½d. per woord, minimum 3/- per plasing. Vir 27 tot 52 agtereenvolgende plasinge: 2d. per woord, minimum 4/- per plasing.

Intekengeld op „Die O.B.” (verskyn weekliks): 10/- per jaar of 5/- vir 6 maande. Vooruitbetaalbaar.

Stuur advertensiebestellings en intekeninge aan: VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.

IN MEMORIAM

SCHOLTZ. — Een jaar van stille tranes is verby. Weer dink ons terug aan die 24ste April 1945, toe ons dierbare moeder sonder 'n vaarwel verhuis is.

O! Moeder en Vrou, Haar man, kinders en volk getrou, Ons bring ere aan God mee, Wat ons so'n moeder had gegee. — Verlangende kinders, Louis en Baby, Mosselbaai.

GRAFSTEEN-WERKE

Grafstene, Monumente en Randmure opgerig enige plek in die Unie. Raadpleeg ons vir 'n besonder billike kwotasie.

S.A. GRAFSTEEN-EN MONUMENT-WERKE (EENS.) BEPERK (Jannie Cillie, Besturende Direkteur). VOORTREKKERWEG — MAITLAND. Fone 5-4420 en 5-2823 — Posbus 2.

PERSOONLIK

ELY JONK. — GRYSHAARWONDER. Die nuutste wêreld wonder teen gryshad waarborg herstel van gryshare vir goed tot natuurlike kleur. 5/- per bottel posvry. Geld met bestelling. — Skryf: BOEREGENESMIDDELS, Posbus 4272, JOHANNESBURG.

GRYSHARE tot natuurlike kleur herstel of geld terug. 5/6 per bottel, posvry. Geld met bestelling. Krulbehandelings vir alle skielike verkrygbaar. — „DIE BOEREVROU,” Bus 7559, JOHANNESBURG.

HOEDE. — Vir kleur en herstelwerk bring u hoede na SYLVIA THOMAS, Henrystraat 130, Bloemfontein. Bestellings kan per pos gedoen word.

PETRONELLA. Kamer 414, Grootte Kerkgebou, Knaapstad. — Kom na ons vir deftige Jasse, Romax Snyerspakke, Trick Tweestuk-Rokke. Ook Trou-taibeders word gemaak na mate.

RUMATIEK.

BEHANDELING GRATIS. — Ons is daar so oortuig van dat ons 'n egte Suid-Afrikaanse geneesmiddel vir Rumatiek, Lendepyn, Heupjig en verwante kwalite ontdek het, dat ons 'n gratis proefmonster aan enige lyster sal stuur. — Stuur 1/- vir posgeld ens., aan: ANDREWS SE PYNPLEISTERS, Posbus 775, Pretoria.

KENNISGEWING

VERLORE POLIS

Naam en adres van versekeraar:

Suid - Afrikaanse Nasionale Lewens Assuransie Maatskappy Beperk. Hoofkantoor: Waalstraat 28, Kaapstad.

Polis No. 244702 vir £1,000 gedateer 1ste Mei 1942, op die lewe van WILLEM EDUARD BOK en die eiendom van Willem Eduard Bok.

HIERMEE word bekendgemaak dat bewys aan die versekeraar gelewer is van die verlies of vernietiging van hierdie polis, en enigenen wat in besit van die polis is, of aanspraak maak dat hy enige belang daarin het, moet onmiddellik per geregistreerde brief met die versekeraar in verbinding tree. By gebreke van so 'n mededeling, sal 'n gewaarmerkte afskrif van die polis (wat die enigste bewys van die kontrak sal wees) aan die eienaar uitgereik word.

M. S. LOUW,
Mede-Hoofbestuurder.

BETREKKING VAKANT

BLANKE DIENSMISIE gevra. Oor 25 jaar, vanaf 1 Junie, vir ligte huiswerk en hulp met 3-jarige seuntjie, Salaris f5. — Skryf en sluit getuigskrifte in aan: VAN ZYL, Tulleyallenweg, Rondebosch.

Aansoek word gevra vir 'n betrekking as Organiseerder en Voorligtings-offisier vir die O.B., Gebied A. Salaris f30 p.m. plus lewenskostetoelag. Relasie koste word betaal. — Aansoek met getuigskrifte aan die Stathoof, Grootte Kerkgebou 603, Kaapstad.

VERPLEEGSTERS. — Blanke dames benodig vir kraaminrigting vanaf 1 Mei. Hoof geen ondervinding te hê nie maar moet lief wees vir babas en verpleging. Moet tenminste Std. VII behaal het, moet redelik tweetalig wees, moet intelligent, stiptelik, betroubaar wees, en moet 'n verantwoordelikeheids-besef hê. Salaris hang af van bekwaamheid en vordering. Persone onder 18 jaar hoef nie aansoek te doen nie. Treinkaartjie vergoed na een jaar diens. Skryf aan P.X., Posbus 1411, KAAPSTAD.

BETREKKING GEVRA

'n Oud-geïnterneerde jongman soek betrekking as stoffeërder of enige ander soort werk. Is ongetroud en 24 jaar oud. Kan dadelik begin. Skryf aan: R. F. GOUWS, Sutfolkstraat 13, Port Elizabeth, of aan Gebiedskwartier, Posbus 3128, Port Elizabeth.

BENODIG

DUIKERRAM (mak, indien moontlik) vir dieretuin. — Meld prys aan: L. v. d. BERG, Bus 133, Allwal Noord.

ELEKTRIESE WAKE

vir alle ELEKTRIESE INSTALLASIES en BENODIGDEHEDE raadpleeg J. A. WOLFAARDT, Hoofstraat 410, PAARL. Foon 354.

TE KOOP

AUSTRALORP-HENNE. — Wit Australorper-henne, 2½ jaar oud, gelewer op stasie teen 10/-. Baie goeie en skaars lê- en slagras. Verkoop weens koskaarsie. — JAN HAARHOFF, Uitkoms, Graaff-Reinet.

DAGOD-KUKENS. — Verkrygbaar elke week: Dagoud-kukens vanaf Mei tot einde Oktober. Enige hoeveelheid. Dadelike aflewering, van Australorps en Leghorns en ook Leghorn-Australorps. Almal gebroei van uitgesoekte hennet met hoë eierproduksie. Prys 06 per 100. K.B.A. of K.M.B. Ook broekplek teen 15/- per 100 eiers te kry in my masjiene met ruimte vir 40,000 eiers. — H. R. MALAN, Weltevrede-Pluinveeplaas, Pk. Kerstfontein, Paarl. Foon 6203.

DAGOD-KUKENS. — Gesonde opgegete Wit Leghorn-dagoudkukens vir aflewering vanaf Junie teen 56 per 100 k.m.b. Broeitome van uitstekende bloedlyn is streng uitgesoek. Lewendige aflewering gewaarborg. — S. F. STIE-MIE, Pk. Addo, K.P.

EERSTERKLAS UIESAAD. — Vroeë Knaap Plat, Geel Uie, 8/- per pond. Australiese Bruin en Spaanse Bruin Uie, 6/- per pond. Silver King, 10/- per pond. Gesertifiseer No. 8193 en 6372. — GERT VAN ROOYEN, Bus 41, UNIONDALE.

GROENTESAAD. — Chantenay Wortelsaad 12/-; Donker Detroit Beet 10/-; Blomkool; Suiderkruis 20/-; Rellane 25/-; Spitz Kopkool 12/6; Koel en Broos Komkommer 15/-; Tom Watson Waatlemoen 18/-; Blaarslaai 22/-; Little Gem Skorsies 12/-; Lang Wit Bos 13/-; Raap 7/6; Uie: Australiese Bruin 6/6; Knaap Plat 10/-; „Silver King” 12/6. Almal per pond. 2/- duurder op halfpente. Posvry. K.M.B. — PREMIER SAADKWEKERS EN VERSPREIDERS, Schoemanshoek, Goudsbuurn.

GROENTESAAD. — Vars, gesertifiseer. Vroeë Knaap Plat Uie, 7/6; Australiese Bruin, 6/-; Chantenay Wortelsaad, 7/6; Detroit Beet, 7/6. — Skryf om volledige pryslys. Handelsnavre verwelkom! — KAROO SAAD-VERSPREIDERS, Posbus 107, Oudtsbuurn.

HONDE. — Beroemde Border Kollie x Kelpie, 1 reuntjie teen f2 en 3 tefies teen f15-0. Op ontvangs van kas 10/- terug. Gelewer op Philippolisweg-stasie. Hierdie honde is baie intelligent en getrou, 'n plesier om die ouers te sien werk. — Verkrygbaar van: W. J. ROBINSON, Elfm, Philippolis.

HONDE. — Wolfhondjies (Alzatian). Opgeregteel, ouers kwaal, getrou en baie waaksaam. — A. S. ZEEMAN, Goudmyn, Robertson.

HERHOLDT se JUBILEUM PERSKE. — Die vierde „Kersfees Elberta”, profyt-bringer vir die vrugteboer; genotvol in die hulsboord. Voorkom teleurstelling. Plaas u bestellings nou vir ons beroemde swaardraende Vrugte-bome. ROSE van bekoorlike prag in kleurrike sorteringe. Pryslyste vry. — HERHOLDT SE BOOMKWEKERIE, Posbus 660, JOHANNESBURG.

KAFFERBONE. — „Dr. Saunders Regop” handgesorteerde saad. 100 lbs. 42/6, 200 lbs. 80/- V.O.S. en K.M.B. Aflewering gedurende Mei. — O. L. NEL EN SEUN, „Middleton”, Greytown, Natal.

KARAKOELRAMME: Volbloed en elite Karakoelramme, geteel direk uit beroemde Grootfontein-Stoet, 7 maande oud. Werk gedoen deur deskundige. Vra om besonderhede by: Haarhoff, Uitkoms, Graaff-Reinet.

MEUBELS. — Koop u meubels van UNIKA MEUBELS (EENS.) BPK. en wees verseker van u waarde en besparing. Geen katalogusse tot beskikking nie. Skryf om besonderhede en meld wat u verlang. — Hoofkantoor: Viktoriaweg 171, Woodstock. Takbesigheids: Jan Phillips-gebou, Lady Greystraat, Paarl. Foon 929.

MEUBELS. — Swierige en duursame Tambotie- en Klaat-Meubels, regstreeks van ANDRIES MAREE se Meubelfabriek, teen streng fabrieksprijs. — Navrae: ONS BOERE-MEUBELWINKEL, Scholtzstraat 54, Lichtenburg. Telegramme: „Tambotie,” Tel. 136.

MORRIS 8 SPORTMODEL. In goeie werkende orde. Bande so goed as nuut. Vir verdere besonderhede skryf aan: S. B., Posbus 1411, Kaapstad, of bel tussen 6.30 en 7.30 na Foon 989503.

PETRA-MEUBELS BPK. — Die goedkoopste Meubelwinkel in Pretoria vir kwaliteit-meubels. Radios in voorraad. Posbus 1356, PRETORIA.

SKOTTELEG. — Goeie tweedehandse Skotteleg, disselboom-model, nuut opgemaak. Gelewer op Indwe-stasie. Eerste tjeek van f16 is die eienaar. — Skryf aan: J. S. J. VENTER, Bloemendaal, Indwe.

SKAAPHONDE. Vier Border-Kelpie-Skaaphondjies. Oprek geteel. Reun f1 stuk. Drie tefies 15/- stuk. Ses weke oud. — G. A. COETSEE, Anana, Knaapdaar, K.P.

SOUT. — Aandag Brandwagte. Die O.B.-Soutwerke bied aan: A1 59/-; No. 1, 54/-; No. 2, 49/- per ton, kostelose gelaaie Soutpan. — Adres: VENTER EN DU PLOOY, Posak Arbeidsloon, BLOEMFONTEIN.

SOUT. — A1, 59/-; No. 1, 54/-; No. 2, 49/- per ton, gelaaie in goeie sakke. Tevredeheid gewaarborg. Kontant met bestelling. Enige hoeveelheid onmiddellik gelaaie. — MEV. F. DE BEER, Rusplaas, P.K. FLORISBAD.

SOUT. — Ondersteun u mede-Afrikaaner. Spesiale A1 59/-; Sneeuwit No. 1, 54/-; Wit No. 2, 49/- per ton, vry gelaaie Soutwerke. — Adres: MEV. MARTIE VENTER, Posak Arbeidsloon, BLOEMFONTEIN.

TAFEL-AARTAPPELS. — Heerlike vars, gesonde Up-to-Date Tafel-aartappels teen 32/6 per sak 153 lb. V.O.S. Bethlehem. Elk waarborg tevredeheid. S. W. RABIE, Kommandant, Bus 328, BETHLEHEM.

TAFEL-AARTAPPELS. — Vars tafel-aartappels, graad 1. Tevredeheid gewaarborg. 30/-. Olkernout-groette, uitstekend vir sand, 30/- per sak. Onmiddellike aflewering. V.O.S. Petrusburg. Kontant. — J. F. VENTER, Bosmansput, PETRUSBURG, O.V.S.

VAN'S CONCRETE PRODUCTS. — Terrazzo kombuis- en handwasbakke, baddens, sepietse tenks, pilare, vloertels, voertroe. Eniglets in beton. — Direkteur: P. W. en P. G. VAN HEERDEN, Potgieterstraat 258, PRETORIA.

WYNE

VYF GELLING Muscadell-keur f2 12s. 6d.; anker f3 17s. 6d.; 5 gelling Root of Wit Muscadell, Jeripigo of Beste Ou Port f2 2s. 6d.; anker f3 2s.; 5 gelling Root Soet Muscadell f2; anker f2 18s. 6d.; 5 gelling Worcester Hook Soet Sjerrie of Half-soet Muscadell f1 15s.; anker f2 11s. Voorwaardes: Kontant of K.B.A. Wyn gelewer Bonneviale-stasie. Vasties moet terugstuur word. — J. C. JONKER, Weltevrede-Wynmakery, Posbus 6, BONNIEVALE, K.P.

TE KOOP GEVRA

BENE. — Die voorsiening van beenmeel is kort. Alle persone wat toegang tot bene het, word ernstig versoek om dit sonder versuim aan ons te stuur. Ons betaal f7 per ton (7/- per 100 pond) vry op spoor u stasie of sylyn. Dit is noodsaaklik dat adviesbriewe gepos moet word as bene gestuur word. Spoedige betaling word verseker. Leë sakke word VRY teruggestuur. Ons voedingsvoorsiening hang af van die voorsiening van beenmeel. — S.A. HUNT BEENMEEL- EN KUNSMIS-MAATSKAPPY, Warrenton.

„ZIG-ZAG” SINGER-MASHEN. in goeie werkende orde. — Meld toestand en prys aan: HUISMOEDER, Dwarsstraat 17, Potchefstroom.

VERJAARDAGKETTING

18 APRIL: Francois Schoeman, Vlotenberg; Albertus en Martha Viljoen, Paarl; Hester du Preez, Kirkwood; Amelia Swanepoel, Woodstock; Martinus Prinsloo, Paul Roux; Alida Wellbach, Dendron.

19 APRIL: G. Venter, Rustenburg; Christie Botha, George; Johanna Schmidt, Pearson; Jannie van Rooyen, Dendron; Johanna van As, Parow; Elizabeth Weyers, Beaufort-Wes; Johannes van der Westhuizen, Vlotenberg; Carla Frankot, Stellenbosch.

20 APRIL: Cornelia du Plessis, Merweville; Gerda Smuts, Franschoek; Martinus Stander, Port Elizabeth; Willem Roux, Pinelands; Bernard de Villiers, Pretoria, Dendron; Charles de Meillon, Hoewal.

21 APRIL: Simon Weber, Boshokrand; S. Venter, Rustenburg; Izak Grobelaar, Vryburg; Cara Theron, George; Hester Marais, Port Elizabeth.

22 APRIL: Martha Vermaak, Port Elizabeth; Dirk Byleveld, Aughrabies; Johan de Vries, Beaufort-Wes; John Maritz, Claremont; Paulina Petzer, Stutterheim; Albert Pieters, Frankfort; Jan Kilian, Middelburg, Tvl.; C. Joubert, Mamagaleskraal; Tienie Joubert, Mamagaleskraal.

23 APRIL: Josefa Peens, P.P. Rust; Hendrik Hefer, Koedoeskop; Joyce van Jaarsveld, Bethlehem; H. du Plessis, Stellenbosch; Lukas Heyns, Sutherland; Albert Minnie, Port Elizabeth; Jannie Marais, Humansdorp; W. Reinke, Bellville; Charl Naudé, Stellenbosch; Stephanus Schoeman, Vondeling; Godfrey Kohler, Port Elizabeth; Jan Hoon, Carnarvon; Anna Haasbroek, Woodstock; Elsa Nel, Hugenoot; Willie Kotzé, Robertson.

24 APRIL: Cornelius van Jaarsveld, Mosselbaai; Wessel Kritzinger, Essenbosch; Marie Rossouw, Humansdorp; Martinus Botha, Groot-Brakrivier; Johanna Brand, Tervlei; Marius Naudé, Clooclan; Carl Meiring, Utrecht; Hanna van Wyk, Rustenburg; Pieter du Plessis, Hoewal; Willem Steyn, Koedoeskop.

Skiereilandse Jeug Trek Laer

Die Boerejeug-kommando van die Skiereiland (J/A1) het gedurende die naweek 13-14 April, 'n baie geslaagde laertrek naby Bellville gehou. Op die aand van 12 April was almal reeds in die Laer en groot geesdrif was onder die lede te bespeur.

Reeds vroeg die volgende dag het die Boerejeug hul ratsheid getoon deur 'n grysbokkie te vang en nadat hy goed beskou was, is hy weer gelos om sy vryheid te geniet.

Benewens die gewone opleiding in 'n Boerejeug-laer, het die laergangers ook 'n deeglike opleiding geniet in tent-opslaan en -afbreek ens. Praktiese lesings is ook gehou oor noodhulp, dekking en spoorsny. Vir laasgenoemde is 'n stelsel spesiaal vir die kamp uitgewerk.

Onder die talle O.B.-lede wat die kampvuur Saterdag-aand bygewoon het, was ook Jeugkomdt. F. Truter van Goodwood. Die grappies, gediggies en gesamentlike sang het veel daartoe bygedra om die gesellige atmosfeer te verhoog. Aandagtig is daar geluister na die toespraak wat deur mnr. B. J. Pienaar, die afdeling se vorige Jeugkommandant, gehou is. Die kampvuur was verder opgeluister met vrolike musiek wat deur 'n paar vriende van Wynberg verskaf is.

Soos gewoonlik, is die Sondag op eerbiedige wyse deurgebring. Gewyde liedere is gesing en godsdiens gehou.

Die jongste laergangertjie het ook sy sewende verjaardag in die kamp deurgebring.

By die laaste vlagparade, Sondagmiddag, het die laergangers die eer gehad om hoofkomdt. Botes van Wynberg in hul midde te hê.

As staf-offisiere het opgetree Jeugkomdt. C. le Roux, wagt-kapt. L. le Roux, jeugveldknt. J. A. Marais en jeugveldknt. J. du Toit.

Die Boerejeug sien uit na die volgende Laer.

NOODHULPFONDS

GEBIED „A”

Vanaf 25 Februarie tot 25 Maart 1946

Kommando A: 2b10 19/-; 1b3 en 1b8 f2-2-6; 1b2 f5; mev. E. M. H. Botha, Claremont f1; 1b7 f5; 1a7 f5-5-0; 1a9 f4-3-6; 1a6 f13-10-0; Kolkte op Maitland f53-15-0; Vriendin, Kaapstad f1; 10c2 en 10c7 f13-1-9; 4a3 en 4a8 f9; 8b3 en 8b8 f9-4-6; 14b1 en 14b6 f37-11-0; Vriendin, Kaapstad 10/-; 15b3 en 15b8 f9-10-6; 11b1 en 11b6 f8-0-9; 15a7 f6/-; 10a1 f9-15-0; 3b7 10/-; 2b4 f14-7-6; 9b1 en 9b6 f15; 17a1 en 17a6 f38-7-2. Totaal f266-4-11.

BOEREJEUG NOODHULPFONDS- BYDRAE:

JA9a6 f2-15-0; JA11b7 10/-; JA9a1 10/-; JA9a6 10/-; JA3c1 en JA3c6 f5; JA1a8 11/6. Totaal: f9-16-6.

GEBIED „B”

Maart 1946

Kommando B: 3a2 en a7, Vryheidsdag f110-19-0; 5b3 en b8, Vryheidsdag f21-10-6; Vriendin, P.E. 10/-; 3c3 en c8, Vryheidsdag f35-10-11; 2b2 en b7, Vryheidsdag f25; 8a7 10/6; 8a2 f2-17-0. Totaal: f196-17-11.

GEBIED „E”

Kommando E: 3b6 f1-1-6; 9c6 f5-10-6. JF8 f1-11-6. Totaal: f8-3-6.

GEBIED „F”

Maart 1946

Kommando F: 4a1 5/-; 4a2 f1-15-0; 4c6 f4-15-0; 4d3 f4-16-9; 4d6 f1-2-0; 4d7 12/-; 6a1 f3-10-0; Genl. Hansen 14/- Totaal: f17-9-9.

VRYHEIDSDAGGELDE

Kommando F: 1a1 f9-2-6; 1a6 f9-2-6; 3a1 f11-0-8; 3c1 f34-11-6; 4 f340-14-0; 5a f46; 5a2 f4-10-0; 6a2 f3-10-0; 6a6 f8-10-6; 6a7 f3-10-0; JF3c6 f1-3-0. Totaal: f571-14-8.

„Die O.B.” word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery (Edms.) Beperk, Stellenbosch vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Grootte Kerkgebou 703, Kerkplein, Kaapstad.

Negerbasters In Engeland

Engeland sit vandag met 'n kleurprobleem wat hy nie kan oplos nie. Die 70,000 Amerikaanse negertrope wat gedurende die oorlog in Brittanje diens gedoen het, het tot dusver 544 bastertjies van Engelse moeders in Engeland agtergelaat. Daar word nog meer onwelkome gaste verwag, verklaar die Amerikaanse blad Time.

Solank hierdie negervaders in die leër was, het die moeders van hierdie kinders 'n toelaag van 85 dollar per maand ontvang. Nadat die negersoldate uit die leër ontslaan is, is die toelaag verminder. Baie van die soldate het egter nie voorsiening gemaak vir die onderhoud van hulle kinders en die moeders van hierdie kinders nie. Baie van die moeders is reeds getroude vrouens wie se Britse mans op oorlogsdien was. In enkele gevalle is die negers met die Britse vrouens getroud maar dit is vir hulle prakties onmoontlik om met hulle blanke vrouens na Amerika terug te keer en hulle daar te vestig.

SKULDIG AAN MOORD:

Mev. Vera Thomas wat in Kaapstad beskuldig gestaan het van moord op haar man, wie se lyk naby Houtbaai verlate Januarie gevind is, is verlate week tot ses jaar tronkstraf veroordeel. Die jurie het gevra dat die sagste vonnis gevel moet word omdat daar iets onduideliks in die saak was.

W. Voigt (Edms.) Bpk.

Fabrikante van

Kelder- en

Besproeiingsmasjinerie

Bus 10 — HUGENOOT, K.P.



EEUFESPOSKAARTE

1/6

PER DOSYN

SLEUTELTINGS

1/6

Posgeld 2d.

FAKKELLOOPENINGS

Egte Silwer 30/-

Posgeld 4d.

EEUFESMEDALJES

9d

Posgeld 2d.

Uniewinkels
(Gereguleer onder Wet Nr. 20 van 1939)
Kerkstraat — Pretoria
TAKKE: JOHANNESBURG VEREENIGING BENONI KAAPSTAD

DIE Boere JEUG

AMPTELIKE ORGAAN

BYVOEGSEL TOT DIE O.B. VAN 24 APRIL 1946.

VIR DIE JEUG WERK ONS

ELK GESLAAGDE BOEREJEUGLAERTREK IS 'N STEEN IN DIE GEBOU VAN ONS TOEKOMSTIGE VOLKSTAAT

Met hierdie doel voor oë het die Boerejeug sy eerste Offisiersopleidingslaer gedurende die afgelope vakansie in Gebied A gereël. Van heinde en ver het offisiere gekom om hulle vir hierdie allerbelangrikste taak in ons volkslewe voor te berei — die bearbeiding van ons jeug.

En al het hulle meeste van die kennis alweer vergeet, maar net hierdie een ding onthou: vir die jeug werk ons — dit is die saak wat aan al ons arbeid betekenis gee; waaraan ons werk en opsig, dit sal die jeug in stand hou, want in die Jeug kry die ganse lewensstryd sy betekenis, dan het die laer in sy doel beantwoord. Daar was gewerk, daar was gespeel, maar dit was spel met 'n doel.

Sommer in 'n ommesientjie se tyd was alles in rep en roer. Daar is nogal mense wat daar in glo om slapende stof met ruste laat, maar nie die Boerejeug nie! Met alle wapens tot hulle beskikking het dogters en seuns al gou elke krieseltjie vuilnis laat duinker. En teen die aandskemering van 30 Maart het die wit tente onder die groen en rooi van die ou peperbome voorwaar die kunstenaarsoog ontroer.

DIE LAERTERREIN

Hierdie lieflike laerterrein slegs drie myl van Rhenosterkop-stasie, is deur genl. H. J. du Toit aan die Boerejeug geskenk. En 'n geriefliker ingerigte laer sal sekerlik nie maklik in die omstreke gevind word nie. Die omheinde vierkantige stuk grond bied genoegsame skaduwee en bevat 'n uitstekende paradegrond. Te danke aan die onvermoeide ywer van Jeugkommandant Celliers is die water in pype op die terrein aangelê. Hierbenewens is daar nog die heerlike sementdam waarin die Jeug na hartelus kan baljaar. Ja nee, gedugte wapens teen die Karoo-stoffies ontbreek daar nie.

Dan is daar ook nog oorgeenoe grond vir bewerking self. En het ons reeds grootse planne vir die verfraaiing van die terrein. Met volgende laertrekke behoort die klomp somer daadwerklik aan die werk te spring om daardie stukkie grond in 'n Karoo-paradys te omskep. Ons dink aan die aanplant van sierbome, 'n groot grasperk vir liggaamsoefeninge en spele; 'n rotsuin wat met tertyd 'n volledige versameling vetplante kan bevat en bankies onder die bome en — o, so baie dinge! Wie van ons wat die terrein en die Karoo kén, kan ons met planne vir die verfraaiing daarvan voorsien?

DIE PROGRAMME

Natuurlik was daar sekere onwelkome noodsaaklikhede soos die opstaanbeuel om sesuur, wanneer die Karooluggie geniepsig om jou neus, ore en vingertoppe kielie en jy met allerhande wraakgedagtes die taak van die beuelblaser, wat met stywe lippe allerlei on aardse geluide uitbasuin, nog meer bemoeilik.

Dan was daar die oggend toe arme Winkel wakker en toe nie meer wakker was nie en 'n halfuur daarna benoud by die tentdeur met beuel en al uitval. Dit was 'n dappere poging — 'n lang trillende noot, 'n korte wat skielik rampspoediglik geëindig het en toe net 'n aanhoudende siggeluid soos van 'n kwaai pofadder wat ru in sy slaap gesteur is.

Na vlaghysing, 'n bietjie Boeretroos en lekker opwarmende liggaamsoefeninge het die pappot aan die beurt gekom, maar die eintlike werk het met die senu-eisende Laerinspeksie begin. Die komberse moes juis so gevou wees en die skoene net so blink.

Omdat dit 'n offisiersopleidingslaer was, moes veel tyd bestee word aan lesings oor 'n wye veld van onderwerpe soos b.v. die hou van 'n laertrek, laerhigiëne, organisasie en administrasie van die Boerejeug, praktiese uitvoering van die werkskemas, liggaamsopvoeding, jeugsiekunde en kaarttekening. Dit is met praktiese dissipline afgewissel. Elke laerganger moes ook as deel van sy/haar opleiding een dag as stafoffisier optree sodat hulle nie alleen kennis opgedoen het nie, maar ook geleer het hoe om dit in die praktyk in hul afsonderlike areas toe te pas.

Maar dit was om die kampvuur dat die gees van kameradskap ten volle ontplooi het. Dit is asof „Ons is kamerade in die Boerejeug” 'n nuwe betekenis gekry het. En nadat elkeen 'n paar van Hoofkommandant Krynauw se heerlike sjokolades ontvang het, het die welkome onnoodsaaklikheid die einde van 'n ander dag aangekondig.

HIERVAN EN DAARVAN

Wat 'n konsternasie was dit nie een oggend toe die Kommissariaat Offisier bleek van aandoening kom rapporteer dat die suikersak voete gekry het! Daar is hot en haar gesoek, maar eindelik moes elkeen maar mistroostig sy ou suikerlose pappies met bitter koffietjies afspoel. Mev. Du Toit het spoedig met 'n bietjie suiker te hulle gesnel of was dit maar ons eie suiker wat aan ons geleen word, het menig laerganger peinsend gefluister. Die volgende dag het die suiker weer net so geheimsinnig verskyn, maar al gou het die Gestapo die oortreders opgespoor en na goeiddunke „beloning” uitgedeel.

Selfs die weer was in 'n terg-bui — hy 't mos geweet die meeste oudjies is Bolanders. Een aand het hy dan ook somer begin piets en raas met die gevolg dat die klomp 'n besonder suksesvolle terugtog na Generaal se huis onderneem het en

dit vir die laaste paar nagte beset het.

Die volgende more het die paradegrond soos 'n modderdam gelyk — net die plek vir 'n goeie sokkerwedstryd. Die twee spanne, die „Lily Whites” en die „Rising Sunsets” het voorwaar 'n aanskoulike spel gelewer. Hoe lank die „Lily Whites” wit lilies gebly het, was egter 'n ander kwessie.

DIE LAASTE AAND

Die hoogtepunt is Vrydag-aand met die braaivleis en konsert bereik. Hoofkommandante Viljoen van Richmond kom hier al die lof en dank toe. Byna 100 myl ver het sy die heerlikste sosaties, vleis en plaasbotter vir die laergangers gebring en het 'n goeie kompie O.B.-besoekers saam met die Jeug op die feesmaal toegesak. Daarna is die konsert en joernaal gehou.

DIE AFSLUITING

By vlagparade is die volgende pryse toegeken: Vir die seun en dogter wat dwarsdeur die laer die beste presteer en die meeste gevorderd het: Brandwagte Alberts en Bergh, albei van JA15. Die prys vir die netjeste tent het na Tent no. 1 van die dogters gegaan.

Ons gasheer, genl. Du Toit, het in sy sluitingsrede die staf-offisiere hartlik bedank vir hul onvermoeide ywer tydens die laertrek en ook die ouers bedank dat hulle hul kinders toegelaat het om die laertrek by te woon. Ouers is verseker dat hul gerus hul kinders na laertrekke in die toekoms kon stuur. Boerejeug, hou u dus gereed vir die laertrek in Desember op Franschhoek.

Die Boerejeug voel egter dat die grootste dank ons gasheer en gesin toekom. Hul O.B.-gasvryheid en offervaardigheid was 'n voorbeeld vir elke laerganger.

(Vervolg in volgende kol.)

Ons Roep JAIO!

'n Boerejeuglaertrek sal vanaf Donderdag, 30 Mei tot Saterdag, 1 Junie 1946 op die plaas van Komdt. Dawid Joubert, Rietvlei No. 2, Montagu, gehou word. Boerejeuglede sal egter vanaf Woensdagmiddag, 29 Mei op die terrein toegelaat word.

Alle Boerejeuglede in die generaalsskap moet so gou moontlik met hul veldkornette(s) skakel en hul name vir die laer inhandig asook die tyd wanneer hulle op die laer sal arriveer. Brandwagte onder die ouderdom van 10 jaar sal nie toegelaat word nie.

Veldkornette(s) moet alle naamlyste na Jeugveldkornet G. J. Rousseau, Truterstraat, Robertson stuur van wie hulle ook verdere besonderhede aangaande die laer kan kry.

Begin reeds nou al stukkie oefen om by die kampvuur te lewer. Dit moet somer 'n puik laer in elke opsig wees!

JF7 Toon Oorspronklikheid Met Vryheidsdagviering

Vir die eerste keer het die Boereuns en -dogters van Rustenburg, Brits en omstreke die voorreg gehad om as Jeugkommando saam Vryheidsdag te vier.

Die feesterrein was die natuurskone ou plaas van Oom Roelie van Wyk op Elands-kraal. Meer as een Boerejeuglaertrek was alreeds daar gehou; daarom het elke ou plekie sy eie betekenis vir elke seun en dogter gehad.

'n Erewag bestaande uit verskillende peletonne van die Boerejeug asook die Wagafdeling is vir die ontvangs van die sprekers, genl. Tos Pienaar en genl. K. Malan, opgestel. Nadat genl. Pienaar die saluut geneem het, is die vlaghysing ter ere van die besoekende offisiere deur die Boerejeug waargeneem.

Gedurende die dag is 'n uur waarin hulle iets moes lewer, aan die Jeug afgestaan. Aangesien die meeste ouers, so meen die Jeug, nog nie op hoogte is van wat in 'n Boerejeuglaer plaasvind nie, en aangesien daar nog sommige ouers is wie nie daarvan hou dat seuns en dogters saam kampeer nie, het hulle besluit om 'n dag uit 'n ideale Boerejeuglaertrek voor te stel.

„Ossewabrandwag, die Boerejeug roep u!” Hierdie woorde het die aandag van alle aan-

(Vervolg van vorige kol.)

Ook verdien die groot aantal O.B.-offisiere en vriende wat die laer besoek het, spesiale vermelding. As Boerejeuglaers oral dieselfde belangstelling as op Beaufort-Wes kan geniet, sal hul binne 'n jaar hul weg in elke O.B.-lid se hart gebaan het.

wesiges getrek en die dogter wat opgetree het as aankondiger, het kortliks verduidelik wat sou plaasvind en almal gevra om hul verbeelding te gebruik, want die ou ossewa wat gedien het as verhoog, moes in 'n tent omskep word.

Helder en luid het die eerste note van die opstaanbeuel oor die vlaktes weergalm. Die dag het begin.

'n Bietjie van alles is gedoen: vlaghysing, liggaamsoefeninge, more-koffie — al was die bakers leeg, — laerinspeksie — wat baie pret aan die toeskouers verskaf het —, lesings, parades ens.

Die dag is afgesluit met 'n vlagstrykingseremonie.

Die aanwesiges het die voorstelling besonder baie geniet; net so baie soos die seuns en dogters self.

Die aand was die Boerejeug bygestaan deur die Wagafdeling verantwoordelik vir die opstelling van aanwesiges om die Vryheidsvuur. Die hoogtepunt is bereik toe die Jeug nulle om die houtstapel geskaar het. Alles omheen was stil en donker. Toe het die hoofakkel die duisternis geklief; daarna die ander fakkels en eindelijk die Vryheidsvuur wat alles omheen verlig het.

INDIERS TOEGELAAT IN SUID-AFRIKA: Sedert 1936 tot aan die einde van verlede jaar het daar meer as drie duisend Indiërs die land binne gekom om hulle hier te vestig. Daarbenewens is die reg aan ongeveer 3,400 Indiërs permitte verleen om hulle tydelik in die Unie te vestig. 'n Groot persentasie van hierdie tydelike besoekers is persone wat hierheen gekom het uit besigheidsmotief.

Rentekoerse

Benewens die hoogstaande bankdienste waarvoor VOLKSKAS bekend is, bied die Bank ook die volgende rentes op die vermelde deposito's aan:

2½%	per jaar op VASTE DEPOSITO vir 2 jaar
2%	per jaar op VASTE DEPOSITO vir 1 jaar
2%	per jaar op SPAARREKENING
3%	per jaar op BELEGGINGSER-TIFIKATE (opvorderbaar met drie maande kennisgewing)

Enige tak van die Bank sal met genoeg verdere besonderhede betreffende hierdie fasiliteite verstrek.


VOLKSKAS BEPERK

GEMAGTIGDE KAPITAAL £1,000,000
INGESKREWE KAPITAAL £1,000,000
GESTORTE KAPITAAL £ 781,787



BANKIERS

HOOFKANTOOR:
PRETORIA



Die kommunistiese agitatie teen die Franco-bewind het kort gelede gelei tot die sluiting van die grens tussen Frankryk en Spanje. Genl. Franco het die Franse regering voorgespring daarmee. Op die foto is die beroemde internasionale brug by Hendaye te sien soos dit vir alle deurgang gesluit is.

Suid-Afrika is 'n demokrasie en daarom heers daar „volkome vryheid” vir almal. Een van hierdie vryhede is om te geniet van die dienste wat die staat aan die publiek bied. In sy besorgdheid oor die gerief van sy onderdane het die Spoorwegowerheid 'n trein laat inrig wat bestand sal wees teen stof, hitte en koue en ook oorbevolking.

Net twee persone gaan in 'n kompartement in, wat so weelderig ingerig is dat dit na die sitkamer van 'n luukse hotel lyk. Daar is 'n lugreëling wat die temperatuur egalig hou en warm en koue water word verskaf. Elke rytuig het 'n stortbad met warm en koue water. 'n Passasier kan net 'n knoppie druk en 'n bediende sal opdaag om hom van die nodige te voorsien.

Hierdie trein is beskikbaar vir elke lid van die publiek. Daar word geen navraag gedoen na die persoon nie, want Suid-Afrika is 'n demokrasie en sy regering dien die hele volk van die rykste tot die armste.

Die enigste kwalifikasie is dat jy £23-5-1 moet besit om vir jou kaartjie tussen Johannesburg en Kaapstad te betaal. Hoeveel is VRY om hierdie prys te betaal?

Net die rykes wat rol in hul geld en — parlamentslede en die vroue van parlamentslede wat so te sê verniet ry!

In Arthur Barlow se weekblad gee mev. Joyce Waring 'n beskrywing van hierdie trein wat sy as „die allerweelderigste reismasjien in Suid-Afrika” beskryf, en op die vraag hoe sy op hom te lande gekom het, antwoord sy:

„Nie, geagte lesers, omdat ek oorlaai is met geld wat ek graag op weelderige reise wil spandeer nie, maar omdat ek in die gelukkige posisie is om hierdie voorreg te verkry (teen betaling van 'n geringe fooi) omdat ek die eggenote van 'n parlamentslid is.”

Parlamentslui betaal naamlik die inderdaad geringe footjie van £3 3s. vir 'n retoer-kaartjie op die Blou Trein van Johan-

nesburg na Kaapstad. Dit is hulle „vryheid”. Die arm man se vryheid is om tweede klas te reis in 'n warm stowwerige, oorbevolkte kompartement — of, natuurlik, in die Blou Trein teen betaling van £23-5-1.

Groot hoeveelhede koring is gedurende die oorlog deur die Geallieerdes gebruik vir die W. O. Bock, bestuurder van die Koringraad, in 'n onderhoud aan Die O.B. gesê toe hy die ons land bespreek het.

Dr. Bock het gesê dat die koringoeste van die laaste twee seisoene as gevolg van ongunstige klimaatstoestande in minder as die helfte van ons land se behoeftes kon voorsien. Die huidige posisie is besonder sorgwekkend, want terwyl daar geen reserwe koring is nie, het die vraag na brood groter geword weens die tekort aan mielies.

Gedurende die oorlog het daar in Kanada en Amerika groot voorrade koring opgehoop weens die skeepsposisie. Groot hoeveelhede van hierdie koring is gebruik vir die stook van alkohol wat weer in kunsrubber verwerk is. In Argentinië is koring as gevolg van die tekort aan steenkool as brandstof gebruik.

Die wêreldtekort is nou vergroot deurdat lande wat nooit ingevoer het nie, nou moet invoer. In Indië moet die rystekort nou aangevul word met koring.

Op die vraag of daar 'n moontlikheid bestaan dat die Unie in die toekoms genoeg-

Die pers berig dat sir Henry French, 'n Britse deskundige op die gebied van voedseldistribusie, wat tans in die Unie is om advies aan die regering te gee, besig is met 'n ondersoek na die Unie se voedselposisie en voor sy vertrek 'n verslag sal uitbring waarin hy sekere voorstelle sal doen.

Met die feit voor oë dat Engeland, wat 'n invoerland is, nog nooit nodig gehad het om brood te rantsoeneer nie, kan sir Henry French seker nie juis beter advies aan die Unie-regering gee nie as: „Skaf vir julle kolonies (of dominiums) aan wat grenslose dankbaarheid teenoor julle sal bewys in die stuur van voedsel.”

saam koring vir sy eie gebruik kan produseer, het dr. Bock verklaar dat hy dit baie sterk betwyfel omdat die koringstreke nie genoegsaam koring kan oplewer nie en dat die opbrengs van die ander dele van die land afhang van die reënval, wat onbestendig is. Op die oomblik is die vooruitsig van die toekomstige koringoes baie

Die vyand het 'n sterk Pers in Suid-Afrika. Help u eie Pers om hul propaganda teen te gaan!

Skryf aan: Die Sekretaris, Posbus 1411, Kaapstad.

goed, omdat dit in die koringdele mooi gereën het en dit nou juis saai tyd is. Daar kan egter geen voorspelling gemaak word nie, omdat daar baie tussen nou en Oktober, wanneer die oes ingesamel word, kan gebeur.

„Die meerderheidsparty het nou die meeste van die strydwekkende toegewings aan die Indiërs deurgedryf deur te stem soos veldm. Smuts voorskryf. Met die kalf dus feitlik verdronke en met die moontlikhede van wat nog gered kan word aan die krimp, was daar vandag met die orige deel van die Indiërwetgewing vinniger gevorder ná die ongekende teenstand van die afgelope weke.”

Bostaande aanhaling uit die partypolitieke pers is 'n voorbeeld van hoe die volk mislei word deur die partypolitici. Die indruk word geskep asof die opposisie in staat is om iets te red van wat die regerende party voornemens is om deur te voer, terwyl hulle weet dat hulle nie 'n enkele letter in 'n enkele woord kan verander van wat die regerende party in sy koukus klaar besluit het nie. As een lid van die regering gehoor gee aan die voorstel van die opposisie, waai hy onmiddellik uit sy party. Hoër maar wat 'n parlementêre verslaggewer van 'n ander dagblad in verband hiermee sê. Hy verwys na die krisis in die Arbeidersparty waar daar verdeeldheid oor die Indiërvraagstuk gekom

het, en verklaar as volg nadat hy berig het dat 'n Arbeiderlid die leier van sy party weerspreek het:

„Hierdie tussenwerpsel het mnr. Madeley heeltemal van stryk gebring, want dis waarskynlik die eerste maal in parlementêre geskiedenis dat 'n vooraanstaande lid van 'n party sy eie leier op hierdie wyse repudieer. In enige party met 'n gesagdraende leier, sou mnr. Burnside dieselfde dag uit die party gewees het.”


Enige voorstel wat van opposisie-kant kom — watter van die drie opposisie-partye dit ookal mag wees — kan dus niks „red” nie. Die meeste wat dit kan doen is om die bespreking te „rek” en sodoende meer geleentheid vir party-propaganda te gee.

Die parlement het onder die partystelsel verval tot 'n propagandamasjien. Die wetgewende liggaam vandag is nie die parlement nie, dog die koukus van die meerderheidsparty. Wie geen invloed en verteenwoordiging in daardie koukus het nie, het geen invloed in die parlement nie en kan vir die volk niks „red” nie.

Die Spaanse regering het 'n memorandum oor die bedrywighede van Spaanse Kommuniste in Suid-Frankryk aan die Britse en Amerikaanse regerings oorhandig.

Dit wil blyk dat die Spaanse

en Franse kommuniste lokvink-magte op die Spaanse grens versamel, met die doel om grensoorvalle uit te lok, wat gebruik kan word in die raadsale van die wêreld as bewys van Spaanse „agressie”.



Skaf vir u aan:
DIE
MODERNE
STAAT

deur
Prof. L. J. DU PLESSIS
2/6 posvry

Hierdie boek behandel o.a.: Die Herkoms van die Moderne Staat vanaf die Antieke Monargie tot die Moderne Demokrasie; Die Wese van die Moderne Staat, ens.



deur
H. J. M. REDELINGHUYS

Die tema is die onversadigbare verlange na alles wat die lewe kan veraangenaam, sonder die kennis van wat ware blywende geluk kan bring.

deur Ds. I. D. KRUGER 2/3 posvry

deur Prof. G. CRONJE 13/3 posvry

deur TOPSY SMITH 8/- posvry

deur J. A. KOGH 6/10 posvry

deur L. J. BOEROP 9/4 posvry

deur MASSIE MULLER 6/9 posvry

POSBUS 29

STELLENBOSCH